# Dagstukkie 11

## Inspirerende Gedagtes uit Die Woord

VOLUME 11

Danie Nell

# DAGSTUKKIES

# (NOMMER 11)

**Dit was vir my altyd 'n vreugde om in die oggende Dagstukkies uit te stuur. Die vreug was groter wanneer ek verneem het dat dit soms net daardie spesifieke een was wat iemand nodig gehad het.**

**Baie mense gebruik hierdie Dagstukkies in hul daaglikse "stilte-tyd"**

**Ander gebruik dit in hul Selgroepe.**

**Ek verneem predikante (en hul vroue) preek dit.**

**Die Here moet net die eer kry vir alles wat Hy doen deur middel van hierdie Dagstukkies.**

Danie Nell (Jeffreysbaai)

Epos adres: danie.nell1937@gmail.com

ISBN 978-0-620-55271-4

**Wat is die sterkste in jou: Die Gees óf vlees?**

**Galásiërs 5:16,17** *"Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie; want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie."*

Die Boodskap vertaal Gal. 5:16: *"Julle moet julle lewe deur die Heilige Gees laat beheer. Laat Hy aan die stuur staan van alles wat julle* ***dink*** *en* ***doen*** *en* ***sê****. Dan sal die sonde julle nooit onder kry nie."*

Die werk wat die Heilige Gees in ons wil doen is: Hy wil ons van ons sondes oortuig. God se Gees wil ons lei in alle waarheid. Hy wil ons daagliks vernuwe in ons denke. Volgens Gal. 5:22 is die vrug van die Gees liefde. Dit is soos 'n druiwetros met korrels. Wanneer jy liefde het dan sal jy blydskap besit, jy sal vrede ervaar, lankmoedigheid sal nie 'n probleem wees nie, om vriendelik te wees sal nie iets wees wat jy moet aansit nie, om getrou te wees sal 'n tweede natuur wees, om sagmoedig te wees sal vir jou 'n versiering wees en om selfbeheersing toe te pas sal nie moeilik wees nie.

Jy besluit self of jy God se Gees toegang wil gee in jou lewe.
Jy besluit self om jou vleeslike drange vrye teuels te gee.
Laat ons ernstig aanleer hoe om te wandel deur die Gees.

# Vul jou gesprekke met God se woord

**Deuteronómium 6:6,7** *"En hierdie woorde wat Ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan."*

Dit was die boodskap wat aan Israel as volk gegee was in hul tog na hul beloofde land. Dit moes dien as 'n opdrag om die woord van die Here in te skerp in hulle kinders se harte. Hierdie is ook 'n boodskap vir ons vandag, daarom moet ons God se woord elke dag 'n deel maak van ons persoonlike gesprekke.

Maak tyd om elke dag God se vars boodskap vir die dag in jou eie hart te kry. Jy moet ook toesien dat jou gesin dit ook sal hoor. Kyk weer mooi na die woorde in ons teks. Ons gesprekke moet gevul wees met wat ons in die Bybel gelees het. Praat daaroor in jou huis, as jy op pad is, as jy gaan slaap en ook as jy opstaan. Sou ons dit doen is ek oortuig dat dit sal bydra om ons volk terug te bring na God.

God se woord moet daagliks deel wees van ons lewens. Dit is soos oefening. Indien jy nie gereeld oefen nie, verloor jy jou soepelheid en raak jy verstok.

Praat dus met jou gesin daagliks uit en oor God se woord.
Mag jy, met blydskap, saam met Jeremia kan uitroep:
*"Toe U woorde gevind is, het ek hulle opgeëet..."* (Jer. 15:16)

## Bly op die Here se pad

**Deuteronomium 5:33** *"Bly op die pad wat die Here julle God vir julle aangewys het, sodat julle kan bly lewe en voorspoedig kan wees en lank kan woon in die land wat julle in besit sal neem."*

Wat belowe die Here ons as ons op "Sy pad" sal bly? Hy belowe ons dat ons sal lewe. Wat hier eintlik geskrywe is: *"Dat ons gelukkig sal lewe"* en dat ons voorspoedig sal wees. Die woord wat hier uit Hebreeus as "lewe" vertaal word, kan ek beter in Engels verduidelik: *"...to live, to enjoy life, to live anew, to be well..."* Dit alles belowe die Here ons indien ons bereid is om op Sy pad te loop. Wie stel nie hierin belang nie?

"Die Here se pad" vind ons in die Bybel. In Psalm 119:9 staan: *"Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na U woord."* Ps. 119:11: *"Ek het U woord in my hart gebêre, dat ek nie teen U sal sondig nie."*
Ps. 119:105: *"U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig op my pad."* Ps. 119:160: *"Die hele inhoud van U woord is waarheid."*

Indien jy jou lewe inrig volgens God se woord, naamlik die Bybel, sal jy te midde van baie moeilike tye nog die geseënde van die Here wees. Jy sal God se voorspoed beleef. Onthou: Die seën van die Here is dit wat jou ryk sal maak. (Spr. 10:22)

Jy kan gerus weer verklaar dat jy die Here opreg sal dien.
Jy kan ook weer verklaar dat jy 'n ware aanbidder sal wees.
Ken Hom voorwaar in al jou weë. (Psalm 37:5)

## God se Gees op ons gees

**2 Kronieke 20:14,15** *"Toe kom die Gees van die Here in die midde van die vergadering op Jahasiël...die Leviet...en hy het gesê: Luister, almal wat uit Juda is en inwoners van Jerusalem en u, koning Jósafat! So sê die Here aan julle: Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God."*

Jósafat was die koning van Juda. Hy en Juda was baie bekommerd want 'n hele paar konings het saamgespan om teen Juda oorlog te maak. Jósafat het tot God geroep en sy benoudheid bekend gemaak. In 2 Kron. 20:12 het hy uitgeroep: *"...ons weet nie wat om te doen nie, maar ons oë is op U."* Daar is baie dae wat ons nie weet wat om te doen nie, maar ons moet altyd ons oë op die Here hou.

God se Gees het op 'n gewone man, naamlik Jahasiël, gekom. Dit laat hom profeteer. Sy profesie was dat die geveg wat vir Juda gewag het, nie hulle saak was nie maar God se saak. Dit is toe dat koning Josafat al sy musikante en sangers regvoor sy leermag ingespan het om aan God lof te gee. Hulle moes sing: *"Loof die Here, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid."*

Jou oorwinning is nie in jou nie, maar in God se Gees.
Mag God se Gees baie kragtiger op ons kerkleiers kom!
Mag God se Gees ook op ons politieke leiers in ons land kom!

## God hoor jou as jy bid

**Psalm 145:18,19** *"Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom in opregtheid aanroep. Aan dié wat Hom dien, gee Hy wat hulle vra, Hy hoor as hulle om hulp roep, en Hy red hulle."*

Die Psalms sluit af met vyf lofliedere. Al vyf begin en eindig met die woord halleluja. Gelowiges word in hierdie Psalms opgeroep om God te loof vir al Sy magtige dade. Praat ek vandag met iemand wat oorloop van dank en lof aan die Here? 'n Lied wat ons in ons jong dae gesing het, was: *"When I remember what the Lord has done, I will never go back anymore."* Ons kan dit weer sing, omdat ons 'n wonderlike God dien.

Weet dat God naby is elke keer as jy Hom aanroep. Moenie bid asof Hy vêr weg is nie. Neem kennis wat geskrywe staan in ons teks, naamlik: *"Die Here is naby almal wat Hom aanroep."* God hoor as jy om hulp bid, en Hy beloof om jou uit te red.

Kan ek jou vra om stil te raak en te dink aan die kere toe jy die Here aangeroep het en Hy jou uitgehelp het uit jou nood? Moenie fokus op die tye wat jy van mening is dat die uitkoms nie vinnig gekom het nie. Ek glo God hoor ons elke keer, maar daar is tye dat daar soms 'n stilswye van Sy kant af is – maar weet dat dit vir 'n rede is.

God se hand is nie te kort en Sy oor nie doof om te hoor nie. Jy mag meer as eenkeer bid oor 'n saak, dit is nie ongeloof nie. Hou aan klop, soek en bid totdat die antwoord kom!

# Getrouheid

**Romeine 3:3** *"Want wat maak dit as sommige ontrou geword het? Sal hulle ontrou miskien die getrouheid van God vernietig?"*

Ek is só dankbaar dat ons 'n God dien wat ons altyd kan vertrou. Al sal mense ontrou raak sal God se getrouheid nooit verdwyn nie. God is 'n waarmaker van Sy woord en wat Hy gesê het sal Hy nooit verander nie. Ons kan staatmaak op al Sy beloftes.

Getrouheid is 'n geweldige belangrike eienskap, wat só nodig is in die dag van vandag. Getrouheid is een van die uitstaande dele van die vrug van die Heilige Gees volgens wat ons lees in Gal. 5:22. Mag getrouheid ook een van jou deugde wees.

In gemeentes vind ons baie keer dat mense graag aangestel wil word in 'n sekere pos of bediening. Ek is van mening dat ons mense moet aanstel volgens hulle getrouheid. Die rede hiervoor is omdat ek gelees het dat die mense wat aangestel was om diens te doen in die tempel moes betroubare mense gewees het. Ons lees dit in 2 Kron. 31:18: *"...want volgens hulle getrouheid was hulle werksaam met die heilige dinge."*

God is getrou en soek volgelinge wat ook getrou sal wees. Wees betroubaar in die minste wat jy op hierdie oomblik doen. Dan sal jy aangestel word in dit wat vir jou te groot sal wees.

## Werk alles ten goede mee?

**Romeine 8:28** Die Boodskap: *"Ons kan nou van een saak seker wees: God gebruik elke ding wat in ons lewens gebeur om Sy doel te bereik. Vir ons wat vir God liefhet, werk alles tot ons beswil uit."*

Baie slegte dinge gebeur soms met goeie mense. Oor slegte dinge in jou lewe het jy nie altyd beheer nie. Slegte dinge gebeur omdat ons in 'n stukkende wêreld leef. Dan is daar weer slegte dinge wat in ons lewens gebeur deur ons eie toedoen.

Baie keer dink ons dat alles verby is! Nee, sê die Here, want Hy neem slegte dinge en maak daarvan seëninge. Die goeie God maak altyd 'n goeie plan. Lees weer met aandag en verstaan Jer. 29:11: *"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"*

Glo elke belofte van God opnuut vandag!
Weet dat God met jou is – selfs al gaan jy deur 'n storm.
Moenie verder vrae vra nie, maar besluit om te bly glo.

## Wat maak jou moeg?

**Jeremia 12:5** *"As jy met voetgangers loop, maak hulle jou moeg: hoe sal jy dan wedywer met die perde? En in 'n land van vrede voel jy jou veilig: hoe sal jy dan maak in die pronkbosse van die Jordaan?"*

In hierdie hoofstuk het Jeremia gewaag om God 'n dringende vraag te vra. Ons vind dit in Jer. 12:1 *"...Here, ek sal punt vir punt my saak voor U lê: Waarom is die goddelose mense voorspoedig en het die ontroue mense geen sorge nie?"*
Die Here het Jeremia toe geantwoord met ons teks. (Lees ook wat God se antwoord was, op sy vraag, vanaf vers vyf tot sewentien)

Miskien het jy ook vrae wat jy aan God wil vra? Die vraag vandag is: As jy moeg word van die gewone dinge, wat sal jy maak as groot uitdagings oor jou sal kom? Soos wat die vertaling in Die Lewende Bybel dit so prakties stel: *"As jy moeg word wanneer jy moet resies hardloop teen mense, hoe sal jy ooit teen perde kan hardloop? As jy jou waaksaamheid verslap in die veiligheid van die oop veld, hoe sal dit met jou gaan in die digte bosse van die Jordaan?*

Die Bybel praat van die Jordaan as doodskaduwee oor jou kom,
Wat maak jy wanneer dinge regtig donker om jou word?
Vertrou jy dan nog op God as jou Voorsiener en Geneesheer?

# Ons het reuse om te verslaan

**1 Samuel 17:10** Goliat het Israel uitgedaag met hierdie woorde: *"Ek daag die slagordes van Israel vandag uit! Gee my 'n man, dat ons kan veg."*

Ons almal ken die vehaal van Dawid en Goliat, en hoe Goliat vir veertig dae Israel uitgedaag het om 'n man te gee teen wie hy kon veg. Indien daardie man hom sou verslaan, sou die Filistyne slawe wees van die Israeliete, en andersom.

Loof die Here daar was 'n Dawid, die jongste seun van agt in Isai se gesin, wat die uitdaging aanvaar het. Wat Dawid vir Goliat gesê het was die sleutel tot sy oorwinning daardie dag. Ons lees in vers 45, die volgende: *"Maar Dawid sê vir die Filistyn: Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die Here van die leërskare, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het."* Wat jy sê vir jou probleem sal jou oorwinning verseker.

Moet geen aanval van die vyand jou eie maak nie! Eintlik val die duiwel God aan elke keer wanneer jy aangeval word.
Moet nooit vergeet van die Skrifgedeelte wat geskrywe staan in Ex. 14:14 nie, naamlik: *"Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil (rustig) wees."*

Lees weer met aandag 1 Samuel 17:45 tot 51.
Leer om jou "reuse" aan te spreek soos wat Dawid gedoen het.
Weet dat geen reus (probleem) te groot is om te oorwin nie.

## Neem jou bekommernis na Hom

**1 Petrus 5:7** *"Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle."*

Die Lewende Bybel vertaal dit: *"Neem alles wat julle kwel na Hom toe en laat bly dit daar by Hom want Hy het verantwoordelikheid geneem vir julle."*

Ek dink ons het nie 'n probleem om ons kommer na Jesus toe te neem nie. Ons probleem is om, nadat ons voor Hom gekniel het, weer op te staan en dit wat ons kwel op te tel en dit weer self te dra. Ons moet leer om ons kommer by Jesus te laat. Onderstreep die woord "Werp" in jou Bybel en verstaan jy moet ontslae raak om jou bekommernis te bly dra. Jesus se skouers is baie groter en sterker as joune.

Ons werk van lig na donker, maar God werk van donker na lig. Dit is hoe God hierdie wêreld geskep het – uit duisternis tot lig. Ons lees in Gen. 1:2,3: *"En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters. En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig."* Vertrou die Here dat jou lig vir jou sal deurbreek.

As jy aan God behoort, sal jy van van swakheid tot krag gaan, van wanhoop na hoop, van veroordeling na verlossing, van trane na blydskap, van swaarkry na voorspoed en van siekte na genesing. Ja, "donkerheid" moet verdwyn uit jou lewe sodat jy kan leef in God se lig.

Watter bekommernis is daar hierdie oomblik in jou lewe?
Bring dit sommer nou na die Here in gebed en laat dit daar.
Begin God te dank en prys vir jou lig wat sal deurbreek!

## Wees gewillig dat God jou leer

**Matthéüs 11:29** *"Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele."*

Die meeste mense wat ek ontmoet is bly dat hulle klaar is met skool. Tog is jy en ek in God se Skool. Hy wil ons graag leer, en ons moet Hom toelaat om dit te doen, deur te luister wanneer Hy met ons praat. God praat op baie maniere, maar die meeste praat Hy met ons deur Sy woord, die Bybel.

Moses was geleer in God se Skool. Sy lewe was ingedeel en drie dele van veertig jaar. Die eerste veertig jaar het hy menslike wysheid geleer. Ek glo hy was opgelei in die beste Universiteit wat daar was in Egipte in die regte. Daarna was hy vir veertig jaar in die woestyn van Midian waar hy moes leer om – in die stilte van die woestyn – God se stem te hoor.

Ons hoor mos nie so maklik met al die geraas om ons nie? In Moses se derde veertig jaar het hy geleer hoe om te leef in die krag van God. Hier dink ons aan die tien plae, waarvan hy deel was in Egipte en al die wonders wat hy beleef het in die wilderness op pad na die beloofde land. Soos water uit 'n rots en manna uit die hemel.

Dit het Moses 'n honderd en twintig jaar geneem om te leer.
Hoelank sal dit jou neem om God se stem te kan hoor?
*"We will never know the mind of God untill we know the voice of God."*

## Wees iemand se vriend

**Spreuke 17:17** Die Boodskap: *"Kies jou vriende versigtig. 'n Ware vriend sal jou deur dik en dun bystaan. Soos 'n goeie broer is hy altyd by jou. 'n Mooweersvriend sal jou net ondersteun terwyl dit goed gaan."*

Elkeen van ons het 'n ware vriend nodig. Selfs Salomo wat die rykste en slimste mens op aarde was, en wat 3000 Spreuke geskryf het en 1005 liede gedig het, het 'n vriend nodig gehad. (1 Kon. 4:1-6, 29-32)
Ek deel ook graag Spreuke 18:24 in Die Boodskap met jou: *"In tye van nood leer jy jou vriende ken. Sommige praat net, maar doen niks nie. Ander sal alles vir jou doen. Hulle is nader aan jou as 'n broer."*

Hier is 'n paar gesegdes met groot waarhede:
(Van hulle is onbekende skrywers)
*"A real friend is one who walks in when the rest of the world walks out."*
*"A friend is one who believes in you when you have ceased to believe in yourself."*
*"The best mirror is an old friend."* (George Herbert)
*"A good friend is hard to find, hard to loose and impossible to forget."*
*"To the world you are someone, but to your friend you are the world."*
*"Remember that every good friend was once a stranger."*
*"A friend reaches for your hand, but touches your heart."*
(Kathleen Grove)

Ek hoop jy het ook 'n ware vriend wat jy kan vertrou?
Neem kennis daar is iemand wat jou as 'n vriend nodig het.
Vra die Here om daardie vriend aan jou voor te stel.

## Verander jou verlies na ‘n wins

**Lukas 6:38** *"Gee, en vir julle sal gegee word: ‘n goeie maat, ingestamp, geskud en propvol, sal hulle in julle hande gee..."*

Praat ek vandag met iemand wat verliese gely het? Jy het so goed bedoel en tog het dinge verkeerd uitgedraai? Neem kennis dat jy jou verliese kan verander na ‘n wins.
Die antwoord wat jy soek is in ons teks, naamlik: *"Gee, en vir julle sal gegee word."*

Kenneth Copeland het gesê: *"God het meer verliese gely as enigeiemand wat ooit geleef het. Dink ‘n bietjie hieroor. Hy het vir Lucifer verloor – Sy engel met die hoogste rang. Hy het tenminste ‘n derde van Sy engele verloor toe Lucifer val. Toe het Hy Adam en Eva wat Hy gemaak het, verloor, Maar, tenspyte van alles, is God nie ‘n verloorder nie. Hy is die grootste wenner van alle tye. Weet jy hoekom? Hy weet hoe om die wet van saai en maai te gebruik om Sy verliese in winste te verander. God het Sy enigste Seun gegee om vir ons te sterf. Daardeur het Hy nie net Sy Seun, Jesus Christus, teruggekry nie – maar miljoene ander seuns en dogters."*
*(Jy is een van hulle.)*

Moenie in die stof gaan sit oor jou verliese nie.
Gee jouself uit jou posisie van verlies na ‘n posisie van wins.
Om te gee is een van die kragtigste waarhede in die Bybel.

## God wil jou roeping bevestig

**1 Kronieke 14:1,2** *"Toe stuur Hiram, die koning van Tirus, boodskappers na Dawid met sederhout en messelaars en skrynwerkers om vir hom 'n huis te bou. So het Dawid dan gewaargeword dat die Here hom as koning oor Israel bevestig het en dat sy koningskap hoog verhewe was ter wille van sy volk Israel."*

Ons almal is geroep. Ons leer uit ons teks dat God sekere dinge laat plaasvind om ons roeping te bevestig. Dawid was reeds gesalf as koning oor Iarael. Hier stuur Hiram die koning van Tirus messelaars en skrynwerkers om vir hom 'n huis te bou. Dit het Dawid laat besef dat daar 'n duidelike roeping op sy lewe was. Maar neem kennis dat Dawid se koningskap was nie om homself te verhoog nie, maar *"was terwille van sy volk Israel."*

Verlang jou ook om net weer seker te wees dat wat jy doen nog in die Here se wil is?
Die roeping wat jy in jou het wil God bevestig. Maar dit sal nie wees terwille van jouself nie, maar terwille van die mense waar jy jouself bevind. Mag die Here voorsien in wat jy nodig het en mag dit jou roeping bevestig, sodat jy jou roeping kan uitleef.

Mag God vir jou iets doen wat jou roeping sal bevestig.
Hy wat jou geroep het is getrou om vir jou te voorsien.
Iemand het dit só gestel: *"When God calls – God supplies."*

# Versoening

**Lukas 6:37** *"Spreek vry, en julle sal vrygespreek word."*
Die Boodskap: *"Moenie ander mense oordeel nie. Dan sal God julle ook nie oordeel nie. Moenie ander mense tot in die doderyk verdoem nie. Dan sal God julle ook nie verdoem nie.* ***Vergeef ander mense, dan sal God julle ook vergewe."***

Die Boodskap van versoening is nie 'n maklike een om te hoor nie. In die Onse Vader gebed het Jesus geleer dat ons vir ons daaglikse brood mag bid, maar net daarna sê Jesus: *"...en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree..."* (Matt. 6:12)

Versoening beteken om vrede te maak. Jy moet nie net daarvoor bid nie, maar wat jy moet doen is om jou mond te gebruik en versoening uit te spreek. Jy het reg gehoor. Jesus het uitdruklik gesê *"**Spreek vry**, en julle sal vrygespreek word."* Jy dink dit nie net nie, jy "Spreek" dit uit teenoor dié persoon wat dit moet hoor. Jy doen dit nie omdat die ander persoon dit verdien nie, maar omdat jyself vry wil wees.

Indien jy mooi lees wat geskrywe staan in 2 Kor. 5:17,18 sal jy verstaan dat omdat jy 'n nuwe skepsel in Jesus Christus is, jy versoen is met God. Jy sal ook verstaan dat Hy jou 'n bediening van versoening gegee het. Soos Christus jou vergeef het is jy verplig om ander ook te vergewe, indien jy vry wil wees.

Is daar iemand wat jy moet vryspreek?
Mag die Here jou die krag gee om dit vandag te doen.
En prys die Here, want jyself sal waarlik vry wees!

# Ons is in ‛n verbond met mekaar

**Galásiërs 6:2** *"Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus."*

Om ‛n verbond beter te verstaan moet ons weet hoe ‛n verbond in die Ou Testament gewerk het. Ons dink aan God se verbond met Abraham in Gen. 15. Hierdie verbond met God het groot seën vir Israel gebring. Ons lees daarvan in Deut. 28:1-13. Gelukkig behoort hierdie seëninge ook aan ons, soos wat ons lees in Gal. 3:14,15. Om in ‛n verbond te staan met iemand is iets wonderliks maar ook gewigtig.

As gelowiges, staan ons ook in verbond met mekaar. En een hoof rede van ‛n verbond was nog altyd om mekaar te verdedig en te beskerm. In die Ou Testament het twee mense hul wapens geruil en aan mekaar die volgende beloof: "Jou vyand is myne – ek sal jou help om enige iemand te verslaan wat jou skade wil doen, omdat ons in ‛n verbond is." Netso moet ons vandag mekaar beskerm en mekaar se laste help dra.

Die vertaling in Die Boodskap rakende ons teks word die duidelikste gestel: *"Sien raak wanneer ander gelowiges swaarkry en help hulle. Tel hulle probleme op julle skouers en dra dit vir hulle. So doen julle presies wat Christus van julle verwag. Dit is immers Sy wet dat julle mekaar moet liefhê."*

Moenie alleen probeer staan nie – dit is gevaarlik.
Maak seker dat jy in verbond staan met ander gelowiges.
Job het self ‛n verbond met sy oë gemaak in Job. 31:1.

## Ons gee nooit moed op nie

**2 Korinthiërs 4:16,17** Die Boodskap: *"Ons gee nooit moed op nie, ook nie wanneer ons rondgestamp en mishandel word nie. Nee, dan byt ons eers vas, want God is die hele tyd by ons. Hy maak ons elke dag van binne af nuut. Ons bietjie swaarkry hier en nou weeg nie op teen al die goeie dinge wat op ons wag in God se nuwe wêreld nie..."*

Die woorde "moed opgee" bestaan nie vir ons as God se kinders nie, want ons is nie verloordes nie, maar meer as oorwinnaars. Eintlik sê ons teks: *"Ons gee **nooit** moed op nie, ook nie wanneer ons rondgestamp en mishandel word nie..."*

Miskien is hierdie woord vir jou vandag? "Byt vas" en weet dat God met jou sal wees. Weet dat Sy krag in jou swakheid volbring sal word. Weet ook dat alles meewerk ten goede vir dié wat God liefhet. (Rom. 8:28) En weet ook dat Hy mag het om te doen vêr meer as wat jy kan bid of dink. (Ef. 3:20)

*"Moed"* beteken *"Onverskrokkenheid in gevaar."*
Die boodskap is dat jy onverskrokke moet wees in jou optrede.
Verklaat die volgende saam met Paulus in 2 Kor. 4:9 (D/B)
*"Ek word onderstebo geloop, maar ek staan elke weer op."*

## Kom ons bid vir nuwe harte

**Eségiël 36:26** *"En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee."*

In my hart is ek oortuig daarvan dat God iets spesiaal beplan vir ons land Suid Afrika! En dit is dat God ons mense se harte wil verander. Moet dus nie ophou bid en glo nie. Wat God beloof het in ons Skrifgedeelte is ook van toepassing op ons vandag.

Ek het ook gedink aan die boodskap wat Petrus op Pinksterdag gebring het, toe daar drie-duisend mense tot bekering gekom het. In Hand. 3:19,20 lees ons een gedeelte van sy preek, naamlik: *"Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis. En dan sal daar tye van verkwikking van die Here af kom..."*

Indien ons herlewing (verkwikking) wil sien sal ons, as volk, ons tot God moet bekeer. Die woord bekering beteken om 'n totale omdraai te ondergaan. Dit meen dat ons moet omdraai van die verkeerde paaie wat ons geloop het en weer God met erns soek.

Kom ons vra God vir nuwe harte – eers vir onsself.
Doen ons dit, dan sal God ons jammer kry en genadig wees.
God het Israel jammer gekry – Hy sal ons ook jammer kry.
(Deut. 30:3)

## Ons soek geestelike groei

**1 Korinthiërs 3:6,7** *"Ek het geplant, Apollos het natgemaak, maar God het laat groei. So is dan hy wat plant of hy wat natmaak, niks nie, maar God wat laat groei."*

Die sukses van die evangelie is daarin dat daar altyd persone moet wees wat dit "plant" in die harte van mense. Dit is hulle wat die evangelie verkondig. Maar daar is ook hulle wat dit wat geplant is "nat" moet hou. Dit is hulle wat mense in die gemeente (en elders) moet versorg. Maar die belangrikste is dat ons moet verstaan dat dit God is wat laat groei. Niks wat ons doen sal geestelike groei bring as God nie deel is daarvan nie.

Ek het gaan kyk hoe vertaal Die Boodskap ons teks en deel dit met jou. Dit lees soos volg: *"Ek het die saad van die evangelie in julle harte geplant en Apollos het dit nat gehou, maar dit was God wat gesorg het dat daardie saad groei. Wie dink julle is nou eintlik die belangrikste van hierdie drie? Natuurlik God wat daardie saad lewe gee en dit laat groei."* As ons geestelike groei wil sien, in ons eie lewens asook in ons gemeente, moet ons kennis dra wat hier geskrywe staan – maak seker jy begryp hierdie waarheid.

Kom ons stem saam vir geestelik groei in ons land.
Sodat ons sal groei tot die volle grootte van Christus. (Ef. 4:13)
Daar is teveel "geestelike babas" in die Here se kerk.

**Die Bybel – God se Woord**

**2 Timothéüs 3:16** *"Die hele Skrif (Die Bybel) is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek..."*

Die beste manier om Bybel-studie te doen is om gereeld jou Bybel te lees. Dit sal ook geestelike groei veroorsaak. In die Sondagskool het ons 'n groot waarheid gesing, toe ons gesing het: *"Lees jou Bybel en bid elke dag en jy sal groei, groei, groei."* Ek beveel aan dat jy jou Bybel sal lees totdat dit met jou praat. Daar is verseker 'n "stem" in die Bybel. Ek sê dit want die Here praat met ons deur die Bybel.

Jy sal jou Bybel die beste verstaan as jy vrae vra terwyl jy lees, soos: Watter boodskap is daar vandag vir my in die gedeelte wat ek lees? Is hier 'n sleutelwoord in dié gedeelte wat ek besig is om te lees – van toepassing op my? Hou 'n oop gemoed en moenie jou reeds vooropgestelde teologie en filosofie die oorhand laat kry nie. Nader die Bybel met 'n gebed van: "Here, praat met my"

Mag jy ook oorloop van blydskap as jy jou Bybel lees.
Mag jy uitroep soos Jeremia in Jer. 15:16:
*"Toe U woorde gevind is het ek hulle opgeëet,*
*en U Woord was vir my 'n vreugde en vrolikheid vir my hart..."*

**Saai (gee) selfs in moeilike tye!**

**Genesis 26:12** *"Isak het toe in dié land gesaai en daardie jaar hondervoudig gewen, want die Here het hom geseën."*

Isak het gesaai in 'n tyd toe daar groot hongersnood in die land was. Ek glo hy het gesaai in opdrag van die Here, en wat leer ons uit ons teks? Isak het daardie jaar hondervoudig ge-oes, want die Here het hom geseën.

Miskien gaan jy deur moeilike omstandighede en finansieële druk in jou lewe? Leer die les by Isak om nie terug te hou in wat jy moet gee nie. En wanneer jy gee moet jy altyd gee met blymoedigheid, soos wat ons lees in 2 Kor. 9:7. Maak net seker dat wanneer jy gee dit op die regte plek is óf aan die regte persoon is. Die bekende evangelis, Reinhardt Bonnke, het altyd gesê: *"Jy saai nie op sement nie!"*

Paulus het gesê dat die Griekse Christene selfs uit hul armoede gegee het vir die behoeftige gelowiges in Judea. (2 Kor. 8:1,2) Omdat hulle dit gedoen het was die belofte dat God hulle sal seën sodat hulle altyd meer as genoeg sou hê. (Doen die moeite en lees weer 2 Kor. 9:8)

Onthou: Die hoeveelheid saad bepaal die grootte van jou oes. Wys my jou saad dan weet ek of jy volop sal maai. (2 Kor. 9:6) Moenie jou "saad eet" nie! 'n Dom boer sal dit doen.

## Ons is nie soos die wêreld nie

**Maleagi 3:18** *"Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie."*

Ek is seker jy stem saam dat daar 'n verskil moet wees tussen hulle wat God dien en dié wat Hom nie dien nie? *Oswald Smith het eenmaal gesê: "The Church has become so worldly and the World so churchy, that you cannot distinguish the one from the other"*

God se kinders tree anders op as hulle wat in die wêreld. Ons behoort respek vir alle mense te gee. In die verkeer tree ons waardig op en wys vir niemand 'n vuis nie en skel ook nie mense nie. En in die Supermark krap ons nie die groente-en-vrugte deurmekaar en los dit net so nie. Onthou dat mense jou lewe meer lees as wat hulle die Bybel lees.

Dié wat die Here dien offer net hul beste aan God en sal dit nooit oorweeg om Hom te beroof nie. (Mal. 1:7,8 en Mal. 3:8-10) Dié wat die Here dien kan hulle nog verbly in moeilike omstandighede soos wat ons lees in Hab. 3:17,18. Vir hierdie rede wil ek n "Nogtans Christen" wees, wat tenspyte van wat ookal, nog lof aan die Here kan bring.

Ons is nie anders om hoogmoedig te wees nie.
Ons is anders omdat ons nuwe skepsels is. (2 Kor. 5:17)
Laat dus jou lig skyn sodat jou Vader verheerlik kan word. (Matt. 5:16)

# Die skild van geloof

**Efesiërs 6:16** *"Neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die bose kan uitblus."*
The Amplified Bible: *"With this shield of faith we can quench all the flaming missiles of the wicked one."*

Baie het hul "Skild van Geloof" weggegooi. Miskien was dit by die sterfbed van 'n geliefde? Miskien was dit toe hulle beroof was van hul inkomste? Miskien was dit by 'n egskeiding? Miskien was dit toe 'n man van God geval het? Dit kon wees dat dit by 'n siekbed was, toe hulle alle hoop vir genesing verloor het? Of toe 'n profesie nie in vervulling getree het nie?

Ek weet nie of enige van bogenoemde van toepassing is op jou nie. Vandag wil ek jou aanmoedig om jou skild van geloof op te tel sodat jy die pyle van die vyand kan keer. Dawid het ook eenmaal bitterlik geween toe hy verneem het dat koning Saul se skild op 'n berg in die son gelê het en besig was om te vergaan. Lees die verhaal in 1 Sam. 31 en veral verse 17-21. Dawid het geween omdat Saul se skild in die son sou verbrand sonder dat dit met olie gesalf was.

Mag die Here jou skild van geloof salf met Sy Heilige Gees!
Mag jy opstaan soos Elia opgestaan het in 1 Kon. 19.
Tel jou skild van geloof op, want God wil jou nog gebruik.

## Die wat verslaan is van my volk

**Jeremia 9:1** *"Ag, was my hoof maar water en my oog 'n fontein van trane! Dan sou ek dag en nag beween die wat verslaan is van die dogter van my volk"*

Jeremia staan bekend as "die huilende profeet" omdat hy met trane vir sy volk kon bid. Ons behoort sy voorbeeld te volg want van ons mense is verslane mense. Baie was eers geseëndes van die Here. Mense wat vol blydskap en vrede was. Wat doelgerigte lewens geleef het en deur God gebruik was. Maar nou leef hulle soos mense wat verslaan is.

Ons kerke loop leeg; gelowiges skei; dwaallere beroof ons mense van hul verhouding met die Here asook hul verhouding met mede-gelowiges. Ons het genoeg rede om op te breek voor God en te huil. Wat my hart breek is dat hulle wat voorheen getrou met hul kinders saam met ons God aanbid het, nou eenkant gaan staan het. Ons mis hulle!

Die vraag is: Wat het mense "verslane mense" gemaak? Dit kon versoekinge gewees het wat hulle uiteindelik weggelok het. (Jak. 1:14,15) Natuurlik is daar nog vleeslike begeertes en die grootsheid van die lewe. (1 Joh. 2:16) Of 'n verkeerde besluit.

Praat ek met 'n "verslane" persoon? Daar is hoop by God! Glo Deut. 28:13: *"Jy sal die kop wees en nie die stert nie"* God wil dat dit met jou in alles goed gaan. (3 Joh. vers 2)

## Om knope los te maak

**Daniël 5:12** *"Hierdie man Daniël vir wie die koning die naam Beltsasar gegee het, het buitengewone bekwaamheid en kennis en insig om drome uit te lê, probleme op te los en moeilike dinge te ontrafel..."*

Hierdie was die boodskap wat een van koning Belsasar se hoof-amptenare aan hom gegee het toe hy nie die boodskap wat God aan sy muur geskryf het verstaan het nie. As daar ooit 'n tyd was dat ons manne (en vroue) nodig het soos Daniël, dan is dit in hierdie tyd wat ons leef. Mense wat moeilike probleme kan oplos.

Die 1983 vertaling gebruik woorde soos *"probleme op te los en moeilike dinge te ontrafel."* My opskrif se woorde kry ek in die 1953 vertaling: *"om knope los te maak"* <u>Onthou hierdie groot waarheid</u>: Knope in 'n tou, sal losgemaak kan word as albei punte na mekaar gebring kan word.

Is daar 'n "knoop" in jou huwelik? Wees gewillig om toegewings te maak in jou denke. Besluit saam om nie verder aan julle kant van die saak te trek nie. Hou op om weg te beweeg van mekaar.
Teveel wil nog die ou lied sing, naamlik "I want it my way" terwyl hulle liewer moet sing "I want it God's way."

Mag jy een wees wat bereid sal wees om knope los te maak.
Iemand wat bereid is om toe te gee en die tou-trekkery te los.
Ek bid dat jy gebruik sal word om ander se knope los te maak.

## Dit is meer as net om te glo

**2 Petrus 1:5** Die Lewende Bybel: *"Van julle kant af moet julle nie net glo nie maar julle moet ook daarop konsentreer en alles in julle vermoë doen om te lewe soos God dit wil hê, en om Hom beter te ken."*

Dit is wonderlik om te kan sê ek is 'n gelowige en dat ek deur die geloof lewe. Maar my geestelike lewe is baie meer as net glo. Kyk weer mooi na ons teks se eerste woorde. Daar staan *"Van julle kant af moet julle nie net glo nie..."* Daarop volg woorde soos dat ons moet "konsentreer" of anders gestel "fokus" op wat die Here wil hê ons moet doen.

Maak baie seker wat God wil hê jy moet doen en bereik in jou lewe – en fokus daarop. Baie kinders van die Here het hul doel in die lewe gemis omdat hulle nie ernstig daarop gekonsentreer het nie. Miskien omdat daar ander belange op hul pad gekom het?

Verder moedig Petrus ons aan om, volgens ons vermoë, te doen en te lewe soos wat die Here dit van ons verlang. Dan onderstreep hy die gedagte dat ons God beter sal leer ken. Ons sal God beter leer ken as ons sal werk aan ons verhouding met Hom deur Sy woord meer en met aandag te lees en deur gebed met Hom te praat.

Die geestelike lewe in nie iets swaar om te doen nie.
Geloof is nie 'n knoppie wat jy aan-of-af skakel nie.
Wil jy 'n ware gelowige wees?
Doen dan wat geskrywe staan in 2 Pet. 1:5.

## Die stryd is nie jou saak nie

**2 Kronieke 20:15** *"Wees nie bevrees of verskrik nie vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God."*

Ons almal is geneig om te veg vir ons oorwinnings. Dit is nie verkeerd om jou man te staan teen die aanslae wat teen jou kom nie. Maar die vraag is: Moet ons nie leer om God meer te vertrou in ons geestelike oorloë asook in ons daaglikse leefwyse nie?

Die verhaal in 2 Kronieke 20 bly 'n treffende een. Dit is waar koning Josafat sy volk gelei het tot 'n groot oorwinning, terwyl hulle nie eers geveg het nie. God het vir hulle ingetree. Hulle moes net God loof en prys en Hom toelaat om die geveg vir hulle te veg. Dieselfde het gebeur in Exodus 14 toe Israel deur die Rooisee gekom het en God die Egiptenaars se leermag laat omkom het in die see. Daardie dag was die boodskap aan Israel: Ex. 14:14 *"Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees."*

Jy is moontlik al moeg baklei teen al die aanvegtinge wat teen jou gekom het? Leer nou om alles oor te gee aan die Here. Een ding moet jy weet en dit is dat Hy hoor as jy bid en dat daar niks is wat sterker as jou hemelse Vader is nie.

Trek jy net jou wapenrusting aan, volgens Ef. 6:10-18.
Dit sal jou beskerm teen aanvalle van buite.
Die res los jy vir die Here!

## Fris en Lewenskragtig

**Psalm 92:15** *"Selfs in hul ouderdom sal hulle toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees."*
New King James: *"They shall still bear fruit in old age; They shall be fresh and flourishing."*

Die vraag wat is: "Hoe kan jy en ek "Fris en Lewenskragtig" wees? Die antwoord hierop is dat ons moet toelaat dat God se Gees ons lewens sal beheer. Ons lees in Gal. 5:21,22: *"...'n mens kan duidelik sien watter mense se lewe deur die Heilige Gees beheer word. Net soos 'n goeie boom vrug oplewer, wys hierdie mense se lewe dat hulle aan God behoort. Sulke mense* ***gee baie om vir ander****. Hulle lewe is* ***vol vreugde****. Die* ***vrede*** *wat van God af kom, ken en ervaar hulle. Hulle* ***verdra*** *ander mense sonder om ooit lelik met hulle te wees. Hulle straal* ***vriendelikheid en warmte*** *uit; daarom wil ander graag in hulle teenwoordigheid wees. Hulle* ***doen goeie dinge*** *vir ander mense.* ***Ander kan altyd op hulle reken*** *omdat hulle self deur dik en dun op God vertrou.* ***Hulle is vol deernis en ontferming****.* ***Die Gees stel hulle in staat om hulleself goed te beheer*** *sodat sonde nooit hoogty in hulle lewe vier nie."* (Die Boodskap) Toets jou lewe volgens hierdie Skrif.

Maak ook 'n studie van Psalm 92:11-14 dan sal jy sien dat wanneer God jou salf met Sy Gees dat hy jou gesag sal gee. Teenoor die bose wat jou wil aanval sal jy wees soos 'n buffel. (v. 11) Jou oë en ore sal God aanraak sodat jy sal sien en hoor soos wat Hy wil. (v. 12) Jy sal groei soos 'n palmboom sodat geen stormwind jou kan beweeg nie. (v. 13,14)

Ek bid dat God jou "Fris en Lewenskragtig" sal maak.
Mag jy groter in jou wees as hulle in die wêreld. (1 Joh. 4:4)
Mag jy oorloop om lof aan God te kan gee! (Ps. 92:2-5)

## Lig en duisternis

**Johannes 1:4,5** *"In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie."*

Moet nooit probeer veg teen duisternis nie! Al wat jy moet doen is om lig aan te skakel. Net so eenvoudig as wat jy die skakelaar aanskakel in die kamer sodat die lig aangaan. Jy veg nie met donkerheid in die kamer nie, jy skakel net die lig aan.

Dieselfde beginsel gebruik jy wanneer jy gewaar dat geestelike duisternis jou (of jou gesin) wil oorweldig. Skakel die lig aan! Die "lig" waarna ek verwys is te vinde in God se Woord. Wanneer ek gewaar dat die bose vyand my gesin wil aanval gebruik ek die Skrif in Jesaja 54:17, wat lees: *"Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie..."* Dit is hoe ek "God se lig" aanskakel teen die duisternis van die bose, want ek weet God belowe om ons te beskerm. (Psalm 34:8)

Elke keer as jy die Woord van die Here gebruik is dit lig wat jy aanskakel. Soos ons teks dit stel is daar in Jesus lig en lewe vir ons. Sy lig skyn in die duisternis, en die duisternis sal dit nie kan oorweldig nie. Neem ook kennis dat die lamp van jou liggaam is jou oog. As jou oog reg is, is jou hele liggaam ook verlig. (Lukas 11:34)

Almal wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie.
Maar hy wat die waarheid doen, kom graag na die lig.
Mag jou hele wese smag na God se lig in Sy Woord!

## Het jy nog hierdie blydskap?

**Psalm 122:1** *"Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Laat ons na die huis van die Here gaan."* **Psalm 26:8** *"Here, ek het lief die woning van u huis en die woonplek van u heerlikheid."*

Dit is inderdaad 'n groot blydskap (en voorreg) om na die huis van die Here te gaan en saam met ander gelowiges God te aanbid. Ek hoop jy het nog hierdie soort blydskap? Ons vind baie wat dit nie meer het nie. Selfs hier waar ek woon vind ek mense wat vir my sê dat hulle die Here nou by hul eie huise dien. Ek veroordeel hulle nie, maar ek is van mening dat dit 'n vreugde is om die huis van die Here te besoek.

Ek weet ons kan redeneer dat die "kerkgebou" nie "die kerk" is nie. Ja, jy ek ek is God se kerk wat elke dag uitbeweeg na mense in ons omgewing om die blye boodskap aan hulle oor te dra. Tog is dit iets wonderliks om te gaan na die plek waar ons as gemeente saam God kan aanbid. Waar ons weer mekaar kan sien en selfs kan bemoedig. Vir my persoonlik is dit iets wonderliks om Sondag-oggende my mede-gelowiges by die kerk te groet. Met blydskap kan ek uitroep: *"Here, ek het lief die woning van u huis en die woonplek van U heerlikheid."*

Indien jy lanklaas jou kerk besoek het – doen dit gerus weer.
Mag dit weer nuwe blydskap in jou hart bring om te gaan.
Gaan met verwagting, maar gaan ook om te gee wat jy het.

**Die "ek" moet sterf as ons wil leef!**

**Johannes 12:24** *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die korringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."*

In Durban was daar 'n Droogskoonmakers met die volgende advertensie: *"We live to dye, and we dye to live."* Hierdie is 'n kommersiële advertensie, maar ons kan hieruit iets leer. Ons moet lewe om te sterf, en ons moet sterf om te leef! Beter gestel: As ons op die regte manier leef, sal die dood vir ons 'n wins wees. En as ek geestelik sterf sal ek ewig kan lewe!

Ons Skrifgedeelte verwys na Jesus wat vir ons gesterf het. Ja, Hy as "koringkorrel" moes eers sterf, sodat uit Sy dood daar baie vrug voort sou kom. Die vrug is die ontelbare miljoene wat deur Sy dood die ewige lewe kon deelagtig word.

In ons Skrifgedeelte is ook vir ons 'n boodskap en dit is ons moet sterf as ons wil lewe! Ons moet "sterf" rakende dié dinge in hierdie wêreld wat God se Gees bedroef maak. Daardeur sê ek nie dat God 'n pretbederwer is nie. Alles in hierdie wêreld is tog nie sondig nie?
Indien jou hart jou veroordeel, dan moet jy weet dat wat jy doen óf wil doen, is verkeerd. (Lees 1 Joh. 3:21)

Ons moet "sterf" rakende die "self" volgens Gal. 2:20.
Ons probleem is nie die duiwel nie, maar die persoon wat jy elke dag in die spieël sien.
Dit is nie om versoek te word nie – maar om versoeking te weerstaan.

## ‘n Wolk van Getuies

**Hebreërs 12:1** *"Daarom dan, terwyl ons so ‘n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê..."*

Volgens die Bybel oorwin ons die duiwel elke keer wanneer ons vertel van alles wat God vir ons gedoen het.
Ons lees in Open. 12:11 *"En hulle (God se kinders) het hom (die duiwel) oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis..."*

Elke keer as jy getuig (dit meen wanneer jy vertel wat God vir jou gedoen het) bring dit oorwinning in jou eie lewe omdat jy opnuut besef wat God vir jou gedoen het. Maar dit bring ook hoop en oorwinning in die lewens van die mense aan wie jy dit vertel. Moet dus nie swyg wanneer die geleentheid kom dat jy van God se goedheid kan vertel nie.

Vertel jou oorwinnings aan hulle met wie jy kontak maak – dit sal ook jouself bevry van laste wat so maklik jou kan omring. Elker keer as jy van God se goedheid getuig oorwin jy die siele-vyand en bou jy iemand op in hulle geloof. Leer ook om neer te skryf van dit wat die Here vir jou gedoen het.

Jy is besig met ‘n geestelike wedloop – besluit om te wen.
Hoe meer jy getuig van God se goedheid, hoe sterker word jy.
Word bewus van die "Wolk van Getuie" wat om jou is.

# Goeie Nuus

**Romeine 1:16** Die Lewende Bybel: *"Ek is nie skaam om hierdie Goeie Nuus oor Jesus Christus te vertel nie. Want dit is die krag waardeur God werk om almal te red wat op Jesus Christus vertrou..."*

Die "Evangelie" is "Goeie Nuus" en soos Alan Platt dit gestel het: "Goeie nuus en net goeie nuus as dit goeie nuus is!"
Vir hierdie rede is alle Skrifgedeeltes nie goeie nuus nie, en ek haal as voorbeeld Rom. 3:23,24 aan, naamlik: (v.23)"Almal het gesondig en is ver van God af, (v.24) maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien op grond van Sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus."
Vers 23 kan tog nie goeie nuus wees nie? Maar vers 24 is verseker goeie nuus – naamlik die evangelie. Maak altyd seker sat die Skrifgedeelte wat jy vir iemand gee "Goeie Nuus" is.

Vir die evangelie moet ons nooit skaam wees nie, want dit is die krag wat God gebruik om mense te red. Ons land se mense moet die "Goeie Nuus" hoor, en jy en ek moet dit aan hulle oordra waar ons ookal kom. Die beste plek vir jou is om daar waar jy woon en werk dit aan mense oor te dra. Moenie praat soos die wêreld praat nie, maar bring God se "Goeie Nuus" aan hulle wat sonder hoop is.

Moet nooit skaam wees om die evangelie bekend te maak nie.
Fokus daarop om nie negatief te praat nie.
Daar is iemand wat vandag die "Goeie Nuus" wil hoor!

**Blydskap oorkom bekommernis**

**Filippense 4:4-7** Die Boodskap vertaal dit: *"Julle hart behoort oor te loop van blydskap omdat julle aan die Here behoort. Ek sê weer, julle moet baie bly wees...Moenie oor dinge sit en tob of jou bekommer nie. Gaan praat met God daaroor. Bespreek dit met Hom. Vertel Hom hoe jy daaroor voel. Sê dan vir Hom dankie dat jy met Hom daaroor kan praat en dat Hy die beste weet. Jy sal dan verlig en tevrede voel...*
*Omdat jy egter weet dat jy aan Jesus behoort, sal jy nie meer omgekrap voel nie. Hierdie wete dat Jesus by jou is, sal keer dat die bekommernisse weer met jou emosies weghardloop of dat jy jou weer van voor af begin bekommer."*

Vandag kon ek nie net een teksvers met jou deel nie. Hierdie gedeelte verduidelik wat ek wil sê so besonders dat ek eintlik nie veel kan byvoeg nie. Een ding verstaan ek en dit is dat ware blydskap oorkom bekommernis. Geen wonder dat God vir Israel, toe hulle baie bedroef was, gesê het in Neh. 8:11 "Moenie bedroef wees nie; as julle die Here met blydskap dien, sal Hy julle beskerm." Wat 'n duidelike boodskap!

Moenie die Here dien omdat jy bang is om verlore te gaan nie, maar dien Hom met blydskap. Blydskap sal vir jou beskerming bied soos 'n muur om n stad. Hoe meer daar blydskap en dankbaarheid in jou is hoe meer sal die aanvalle van die vyand jou nie kan oorwin nie.

Blydskap kom nie van buite nie, maar van binne.
Blydskap is 'n vrug van die Heilige Gees volgens Gal. 5:22.
Hoe meer blydskap jy het hoe meer sal jy beskerming geniet.

# Eenheid in ons huise

**Markus 3:24,25** *"En as 'n koninkryk teen homself verdeeld is, kan daardie koninkryk nie bly staan nie; as 'n huis teen homself verdeeld is, kan daardie huis nie bly staan nie."*

Ons woorde in ons Skrif is woorde wat Jesus gesê het – en is 'n baie groot waarheid. Eenheid in ons huis sal vrede meebring. Dit gaan nie oor "enersheid" nie maar dit gaan oor "eenheid" wat ons nodig het. Volgens die HAT-Woordeboek beteken "eenheid" die volgende: "om een geheel te vorm, om eensgesind te wees en om harmonie te hê."

God het ons as mens verskillend gemaak. In ons huis moet ons daarteen waak dat ons nie verdeeld sal raak nie. Die siele-vyand wag om ons as gesin aan te val indien ons eenheid verbreek is. Geen wonder die ou gesegde sê: *"Eendrag maak mag, maar tweedrag breek krag."*

Deur die jare het ek die volgende verklaar: *"As ek my voor-en-agterdeur gesluit het soek ek vrede in my huis, want dan sien ek kans vir enige probleem wat ons as gesin sou oorval."* Nou verstaan ek hoekom 'Die Boodskap' Ef. 5:21 soos volg vertaal het: *"Omdat julle soveel respek vir Christus het, moet die een nie dink hy is beter of belangriker as die ander nie. Elkeen moet bereid wees om dáár te wees vir die ander een."* Indien ons met liefde kan omgee vir mekaar sal daar verseker eenheid wees.

Ek moedig elkeen aan om te strewe na eenheid.
Werk veral vir eenheid in jou huis en bevorder dit sovêr jy kan.
Geen huis sal bly staan as daar verdeeldheid is nie!

**Kan verkeerde verlede uitgewis word?**

**Jesaja 1:18** "Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die Here: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol."

Kan materiaal wat gekleur was weer verander word na die oorspronklike kleur? Besluit self of dit kan gebeur. Maar een ding weet ek dat, volgens ons Skrifgedeelte, kan ons verkeerde verlede uitgewis word deur die kosbare bloed van Jesus Christus. Selfs Jesaja het geweet dat God mense totaal kon vrymaak van sonde.

Die eerste wonderwerk wat Jesus gedoen het was om water wyn te maak. Maar wyn is net wyn as dit verouder het. Die wyn by die bruilof te Kana het geen verlede gehad nie. Dus moes daardie wyn 'n "vinnige" verlede ontvang het. Indien dit nie te ingewikkeld is om te verstaan nie: "As God iets 'n verlede kan gee wat nog nie bestaan het nie, kan Hy die verkeerde verlede uitwis asof dit nie bestaan het nie." Moeilik om te verstaan? As ons God op papier kan uitwerk, is Hy nie waarlik God nie!

Jy kan aflei uit my "Dagstukkies" lees ek graag verskillende vertalings van die Bybel. Ek lees in 2 Kor. 5:21 (Die Lewende Bybel) *"Christus het nie een enkele sonde gedoen nie. Maar God het Hom verantwoordelik gemaak vir al ons sondes asof Hy dit self gedoen het. Nou sê God as ons aan Christus verbind is, is ons skuld weggeneem, net so goed of ons nooit sonde gedoen het nie."*

Dank God dat die verkeerde verlede kan uitgewis word.
Maar dan moet ons aan Christus verbind wees.
Hy neem ons skuld weg asof ons nooit gesondig het nie!

# God wil jou droom weer lewendig maak

**Job 33:14,15** Die Boodskap: *"God praat op verskillende maniere met mense, maar hulle besef dit nie altyd nie. Vir party mense sal God 'n droom of 'n gesig in die nag gee as hulle vas op hulle bed lê en slaap."*

Daar is baie wat ons seker kan sê oor drome. Sommige drome kom van die Here maar die meeste kom nie van die Here nie. Ek droom die meeste van die tyd in die nag maar weet nie die volgende dag wat dit was nie. Daar was tye dat ek 'n duidelike droom van die Here ontvang het, en dit bly 'n seën.

Ek wil vandag egter met jou praat oor 'n droom ('n passie; 'n visie) wat jy in jou hart het en wat jy van God gekry het – maar wat "gesterf" het. Ek neem jou na 2 Konings 4:8-37 waar ons lees ons van die Sunamitiese vrou wat 'n droom gehad het oor 'n seun wat sy van God gevra het. Op Elisa se profetiese woord het die Here toe vir haar 'n seun gegee. Maar jare later het hierdie seun gesterf, en as gevolg daarvan ook die droom wat in haar hart was. Sy het toe haar droom (haar dooie seun) op Elisa se bed neergelê en geweet God gaan die profeet gebruik om haar seun weer lewendig te kry. Miskien het jy ook 'n droom in jou hart gehad, maar wat "gesterf" het? Maak soos dié Sunamitiese vrou. Al het haar droom (naamlik haar seun) gesterf, het haar geloof in God nie doodgegaan nie.

Vertrou die Here om jou droom weer lewendig te maak.
Wat hy vir vir dié weduwee gedoen het, kan Hy doen vir jou.
Een ding: Moet nooit ophou droom nie – bly glo in God!

**Die skepping getuig van God se mag**

**Psalm 19:2,3** *"Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van Sy hande bekend. Die een dag gee die berig deur aan die ander en die een nag deel die kennis aan die volgende mee."*

A van Ruler, 'n Nederlandse teoloog het gesê: *"Ek hoor die donderweer, en God se Naam is 'Ontsagwekkend'. Ek hoor die sagte reën wat alles laat groei, en God se Naam is 'Sorgsaam'. Ek sien die sterre en dink aan die onbegryplike afstand na die naaste ster, en God se Naam is 'Oneindig'. Elke stukkie van die Here se skepping vertel vir ons iets van* ***hoe*** *Hy is en* ***wie*** *Hy is. Dit is wat Dawid in die eerste deel van Psalm 19 vir ons sê. Die skepping besing die lof van God, maar net vir dié met ore wat dit kan hoor."* (Oorgeneem uit die 24/7 Bybel)

Met Jesus se intog in Jerusalem het Hy met 'n eselsvul ingery terwyl mense hul klere op die pad gegooi het. Die Fariseërs wou die skare stilmaak omdat hulle lof aan God gegee het. Jesus het die Fariseërs dadelik geantwoord deur te sê dat as die mense sou stilbly sal die klippe lof aan God uitgeroep het. Moenie ooit skaam wees om God se lof bekend te maak nie. Ek was so dankbaar toe ons hoofregter God ge-eer het in ons Parlement.

Maak tyd en kyk na die sterre – en bewonder God se skepping. Besef dat dit God is wat dit gemaak het – jou hemelse Vader. Soos wat elke nuwe dag kennis oordra, dra ons Sy woord oor.

## Ons orrel het God as "saad" gebruik

**2 Kor. 9:6-7** *"Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai sal ook volop maai. Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief."*

Jare gelede het God ons orrel gebruik as "saad" om 'n "oes" te verseker vir 'n egpaar. Dit het alles begin toe my vrou en ek Sendingwerk gaan doen het in Ukraine. Ons het nog R2500 nodig gehad om vir ons vliegtuigkaartjies te betaal. Ons besluit toe om ons Hammond orrel te verkoop vir R5000. Die enigste navrae was van iemand wat ons net R2500 aangebied het. Ek aanvaar dit, want dit is wat ons immers nodig gehad het. Die koper vra my toe hoekom ek sy aanbod so vinnig aanvaar en ons verduidelik dat ons sendingwerk gaan doen in die Ukraine en dat ons nog hierdie bedrag kort was.

Hy gee my die R2500 en hy is toe daar weg om vervoer vir die orrel te gaan reël, en terwyl ek in die bank was om hierdie geld in my rekening te plaas, lui my selfoon. Dit is die koper van die orrel wat my vra om hom dringend by my huis te sien.
Daar vertel hy dat die Here in sy motor hom vermaan het en hom oortuig het om my R5000 te gee vir die orrel soos wat my oorspronklike prys was. Hy voeg toe daarby: *"En wanneer julle terug is gee my 'n naam van 'n Sendeling in Ukraine wat ek kan ondersteun."*

Die seën van hierdie verhaal is dat die "orrel-koper" vir twee-en-twintig jaar elke maand R2000 aan die Sendeling-egpaar gegee het – totdat hy verhuis het na sy ewige tuiste! Voorwaar dit was 'n groot oes!

God het 'n orrel as "saad" gebruik en iemand wat gehoor het.
Besluit om 'n gewer te wees, en doen dit altyd met blydskap,
Ja, luister na jou "hart" en nie na jou "kop" nie.

## Mag die Here jou gebed verhoor

**Psalm 20: 2-6** Die Boodskap: *"**Mag die Here** jou gebed verhoor die dag as dit met jou swaar gaan...**Mag Hy** jou spesiaal help en bystaan uit die plek waar Hy bly...**Mag Hy** vir jou gee wat jy graag wil hê. **Mag Hy** jou planne suksesvol laat wees."*

Hierdie gebed in Psalm 20 is deur Dawid geskryf en is die begeerte van my hart vir jou. Mag die Here jou verhoor wanneer dit swaar gaan met jou en jy in benoudheid roep na Hom. Hy sal jou antwoord vanuit die plek waar Hy woon, naamlik Sy hemelse woning. Hy is 'n God wat hoor wanneer jy bid, en Hy is gereed om Sy hand uit te steek na jou. Moenie een oomblik in hierdie waarheid twyfel nie.

Jy vra of jy jou begeertes bekend kan maak aan die Here? Kyk weer mooi na ons teks: *"Mag Hy vir jou gee wat jy graag wil hê."* En dan lees ons ook in Spr. 37:4: *"...verlustig jou in die Here; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart."*
Kan jy sien? Jy mag jou begeertes bekend maak.

Begeer jy genesing – weet dat deur Jesus se wonde is daar genesing! (1 Petrus 2:24) Ervaar jy aanvalle teen jou en jou gesin? Lees die belofte in Jesaja 54:17 en maak dit jou eie: *"Geen wapen wat teen jou gebruik word, sal suksesvol wees nie. Iemand wat verkeerd teen jou getuig in die hof, sal vervolg word. Dit is hoe Ek hulle beskerm wat doen wat Ek hulle vra..."*

Psalm 20 is my gebed vandag vir jou.
Ontvang dit en glo dit met jou hele hart.
God sal jou ontmoet volgens jou verwagting!

## Ons skuld is betaal

**Kolossense 2:14** Die Lewende Bybel: *"Hy het 'n streep getrek deur die rekening van ons skuld, die lys van al die wette wat ons oortree het. Dit het alles teen ons getel, maar God het hierdie rekening tot niet gemaak toe Hy dit teen die kruis vasgespyker het."*

Jy het seker al 'n besigheid gebel om uit te vind wat jy hulle nog skuld op jou rekening? As jy vandag egter iemand in die hemel kon bel om 'n soortgelyke vraag te vra, sal die antwoord wees: *"Maar my kind, God het jou nie alleen vergewe nie, maar jou uitstaande skuld tot niet gemaak. Dit meen dit bestaan nie meer nie. As Christus jou vrygemaak het, is jy waarlik vry. Daar is 'n streep getrek deur alles wat jy skuldig was."*

Toe ek nog nie hierdie waarheid verstaan het nie het my prediking hoofsaaklik daarin bestaan dat my gemeente Sondag vir Sondag "tot bekering" moes kom. Ek het daardie tyd gesien hoe meer hulle "pak gekry het" met die prediking, hoe meer het hulle kerktoe gekom. Hoekom wil Christene "pak kry"?

Dank God, Hy het 'n streep getrek deur ons sondes en dink nie eers meer daaraan nie. Omdat Hy dit van ons verwyder het so vêr as die Ooste is van die Weste. (Ps. 103:12)
Ons sondes wat vergewe is, het die Here in die diepte van die see gewerp. (Miga 7:19) En aan ons sondes sal die Here nie meer dink nie. (Jer. 31:34)

Kry opnuut weer 'n dankbaarheid dat jou skuld betaal is.
Leef soos iemand wat hierdie waarheid aanvaar het.
Bemoedig ander ook met die boodskap in ons teks.

## Soek jy vrede in jou gemeente?

**Exodus 18:23** *"As jy dit doen...kan jy dit uithou en sal ook al hierdie mense tevrede na hulle woonplek gaan."*

Moses het meer as twee miljoen "lidmate in sy gemeente" gehad. Ontevrede Jode wat gedurig gekla het oor kos en water in die woestyn, oppad na hul beloofde land Kanaan. In Exodus 18 vind ons van die goeie raad wat Moses ontvang het van sy skoonvader Jetro. Toe hy dit uitgevoer het lees ons dat die volk met vrede na hul tente gegaan het. Wat was hierdie goeie raad wat vrede onder Israel bewerkstellig het? Om te weet wat dit was moet jy Exodus 18 met aandag lees. Hierdie raad van meer as 4000 jaar gelede sal selfs vandag vrede in 'n gemeente bring. Vrede in 'n gemeente en selfs in 'n huis sal beskerming en groei verseker.

Die heel eerste wat leiers in 'n gemeente moet doen is om in te tree by God vir hulle mense. Hulle moet ernstig kan bid, want dit sal die bose se aanslae keer. Ons lees hiervan in Ex. 18:19. Gemeente-leiers moet ook hul mense God se waarhede leer. Dit is baie meer as net mooi preke. (Ex. 18:20)
Ons leiers moet nie alles self wil doen nie, maar hulle moet genoeg mense aanstel om na die behoeftes van die gemeente om te sien. (Ex. 18:21) As hierdie dinge in plek is sal daar vrede in die gemeente wees.

Mag daar vrede in jou huis en in jou gemeente wees.
Mag daar vrede in jou eie hart wees omdat jy na God luister.
Mag jy ook bekend wees as 'n vredemaker. (Matt. 5:8)

## God doen nooit halwe werk nie

**Filippense 1:6** *"Ek is veral daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom."*

God begin nie iets en voltooi dit nie. Dit is nie in Sy geaardheid nie. God begin nie werk in iemand se lewe en los hom of haar dan net nie. Soos iemand dit gestel het: *"God sal jou nie êrens langs die pad los nie, al is jy 'n moeilike geval."*

As die Here dan nie opgee oor mense nie, moet ons dit ook nie doen nie. Indien God iemand (of 'n egpaar) op jou hart gelê het, wat in nood is, moet jy nie moedeloos word en hulle los nie. Die eerste wat jy moet doen en bly doen, is om vir hulle ernstig te bid. Sou jy 'n geleentheid kry om te kan praat – sorg dat jy 'n woord van bemoediging het.

Ek is só dankbaar dat God nie opgegee het met my nie. Natuurlik is ek nog nie volmaak nie want Hy is nog nie klaar met my nie. Gelukkig verwyt Hy my nie, want Hy is 'n God vol genade. Die Bybel sê God gee sonder om te verwyt! (Jak. 1:5)

Moet nooit dink jy sal dit nie kan maak nie.
Sy krag sal in jou swakheid volbring word.
Laat toe dat God die werk in jou sal voleindig.

## God se woord is belangrik

**Deuteronomium 6:6-9** Die Boodskap: *"Al die woorde wat ek jou vandag leer, moet jy in jou hart bêre en altyd daaraan dink. Jy moet ook jou kinders daarvan vertel en jy moet oral daaroor praat. Of jy nou in jou huis sit, of jy op pad is, of jy 'n bietjie gaan lê of weer opstaan, jy moet altyd dink oor wat die Here van jou vra. Maak Sy voorskrifte aan jou arms vas en bind dit styf vas om jou voorkop. Skryf dit op jou huis se deurkosyne en op die groot hekke van die stad."*

Hierdie woorde het God vir Israel gegee om hulle aan te moedig om nooit Sy bevele en opdragte te vergeet nie. Hulle het nie, op daardie stadium, God se woord in geskrewe vorm gehad nie. Vandag is ons bevoorreg om God se woord, die Bybel, in ons eie taal te kan besit. Hoe belangrik is God se woord vir ons? Maar my vraag is: Dink ons gedurig daaraan – gesels ons met ons kinders daaroor – as ons op pad is – wannneer ons gaan slaap en as ons soggens opstaan?

Daar is nie veel op televisie nie, en kom ons erken dit mors baie van ons kosbare tyd. Soveel so dat ons nie genoeg tyd gee aan God se woord en ook met ons gesin daaroor praat nie. God se woord immers is die lig op ons pad en 'n lamp voor ons voete. (Ps. 119:105)

Moet nooit skaam wees vir jou Bybel nie. Ek het in Ukraine gesien hoe lees mense hul Bybel in treine en ook waar hulle wag vir 'n huurmotor. Orals op bankies het mense gesit en hul Bybel gelees.

Moenie dweep nie, maar moenie skaam wees vir jou Bybel nie. Wat van 'n oop Bybel in jou sitkamer – wat almal kan sien? Sorg ook dat jou kinders opgevoed word in God se woord.

## Verhoudinge

**Galásiërs 5:25** *"As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel."*

Ons sal alleenlik 'n verhouding met die Here ervaar indien ons in die Gees sal wandel. Dit sal ons nie veel baat om die Bybel te ken maar ons het nie 'n verhouding met die God van die Bybel nie. God het Adam en Eva geskep om in 'n verhouding met hulle te leef. Ons verhouding met God moet vir ons die mees belangrikste wees.

Ons verhoudinge met mense is ook belangrik. Oor die woord "Verhouding" sê die 'Collins' woordeboek die volgende: *"The relationship between two people or groups is the way which they feel and behave towards each other – the ways in which they are connected."*
Ons verhouding met ander is vir God só belangrik dat Hy bereid is om te wag vir ons offer aan Hom met die doel dat ons eers ons verhouding moet herstel met ons medemens. Hierdie waarheid lees ons in Matt. 5:23.

Aan die anderkant moet jy met jouself 'n goeie verhouding hê. Die rede dat ek dit sê is omdat daar mense is wat niks van hulself dink nie. Dawid het 'n goeie verhouding met homself gehad daarom kon hy sy siel aanspreek om op God te vertrou en nie onrustig te wees nie. Ons lees daarvan in (Ps. 42:6)
Dit was só belangrik vir Dawid dat hy dieselfde woorde herhaal in Ps. 42:12 en Ps. 43:5.

Ons moet werk aan ons verhouding met God en met ons gesin.
Vergeet nie jouself en jou medemens nie – al is dit moeilik.
Sovêr dit van jou afhang leef in vrede met alle mense.

## **‘n Honger na God se woord**

**Amos 8:11** *"Maar daar kom dae, sê die Here my God, dat Ek ‘n honger oor die aarde laat kom: ‘n honger nie na kos nie, ‘n dors nie na water nie, maar om die woorde van die Here te hoor."*

Kom jy en ek bid dat hierdie profesie wat die profeet Amos oor Israel uitgespreek het, ook waar word oor Suid Afrika. Net God kan mense honger maak om Sy woord te hoor.

Bid dit vir jou kinders en kleinkinders. Jy het baie gehuil oor jou kinders dat hulle moet terugkom om die Here te dien. Hoor wat sê God vir jou in Jer. 31:16,17: *"Maar die Here sê: Hou op met huil en droog jou trane af. Jy sal beloon word vir al jou moeite wat jy vir jou kinders gedoen het. (hoor jy dit?) Jou kinders sal terugkom uit die land van die vyand. Daar is hoop vir die toekoms, sê die Here. Jou kinders sal na hulle eie land toe terugkom." (Die Boodskap)* Maak hierdie belofte vandag jou eie – gryp dit vas met jou hele hart!

Hy wat ‘n dors het na God se woord, sal ondervind dat daar strome van lewende waters uit sy binneste sal vloei. (Joh. 7:37-39) Dit is die Heilige Gees wat in ons oorwinning en blydskap sal gee, maar dan moet ons daarna dors.

Kom ons stem saam vir ‘n dors na God se woord.
Maar kom ons begeer self na ‘n groter dors in ons harte.
Net ‘n ingryping van God kan ons land red uit ons toestand.

**Nuwe mens: Let op wat jy praat!**

**Efesiërs 4:29** *"Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor."*
Die Boodskap: *"Moet ook nie allerhande vuil grappe vertel of lelike praatjies maak nie. As julle iets sê, moet dit iets wees wat die moeite werd is om te sê en vir ander iets beteken..."*

Benjamin Franklin het gesê: "As jou voet gly, kan jy vinnig herstel, maar 'n glips van die tong word oor en oor vertel." Daarom, om reg te praat is 'n daaglikse besluit wat elkeen van ons moet neem. Die manier wat ons praat bepaal hoe ons sal lewe. Hierdie stelling maak ek omdat ek lees in Jak. 3:2 *"Ons struikel almal in baie opsigte. As iemand nooit struikel in wat hy sê nie, is hy volmaak, by magte om ook sy hele liggaam in toom te hou."* Lees die twee deel van hierdie teks totdat jy dit verstaan.

Omdat ons nuwe mense in Christus is (2 Kor. 5:17) mag ons nie enige ding praat nie. Vra die Here om 'n wag voor jou mond te plaas – dit kom nie vanself nie. Woorde is soos vere wat jy opgooi in die wind. Dit sal nie moontlik wees om al die vere weer bymekaar te kry nie. Wees dus versigtig wat uit jou mond kom – wees versigtig vir vuiltaal. Onderstreep weer ons teks: *"As julle iets sê, moet dit iets wees wat die moeite werd is om te sê en vir ander iets beteken..."*

Maak seker dat wat jy sê **waar** is.
Maak seker dat dit **minsaam** is.
Maak seker dat dit **opbouend** is.

# Vrymoedigheid in gebed

**1 Johannes 5:14,15** Die Lewende Bybel: *"Ons het die vrymoedigheid om na God toe te gaan, want ons weet Hy luister na ons as ons iets vra wat is soos Hy dit wil hê. En as ons seker is dat Hy na ons luister, wat ons ook al van Hom vra, dan weet ons ook dat Hy ons gee wat ons gevra het."*

Een van die vrae wat vandag gevra word is: "Hoekom bid ek maar ontvang nie altyd wat ek vra nie?" Een antwoord kan ons vind in Jak. 4:3, naamlik dat ons verkeerd bid. Dit is wanneer ons bid sonder dat ons werklik glo wat ons gevra het.
Gebed is nie om 'n kans te vat nie, maar om volgens Heb. 11:1 te glo dat die dinge wat ons nie kan sien nie tog daar is. Ons is so geneig om net na die sienlike dinge te kyk.

Ons ontvang ook nie wanneer ons buite God se wil sou bid bid. Dit is nie altyd so maklik om seker te wees of die Here tevrede is oor wat ons vra nie. Daar is wel Skrifte wat ons leer wat God se wil is, maar as ons nie 'n duidelike Skrif het wat God se wil bevestig nie, wat maak ons? My raad is dat voordat jy iets vra maak seker dat jy die vrede van die Here in jou hart het oor dit wat jy bid. God se vrede werk saam met God se wil.

Wanneer jy van God iets vra toets dit met 1 Joh. 3:21,22.
Want wanneer jy vrymoedigheid het kan jy met vertroue bid.
Los dan die res in die hande van jou hemelse Vader.

# Wat dink jy?

**Filippense 4:8** *"Verder, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit."*

Dink mooi oor die dinge wat jy dink. Want as jy nie versigtig is nie, kan jou gedagtes jou lei na groot probleme. Dit is belangrik om te dink voordat jy iets doen. Indien jy sal konsentreer en doen soos wat dit geskrywe staan in Fil. 4:8, sal dit met jou goed gaan.

Die Bybel gee baie duidelike rigting wat ons moet dink en watter gedagtes ons moet vul. Mooi dinge wat ons dink sal ons opbou en verkeerde gedagtes sal ons afbreek. Weet ook dat ons gedagtes affekteer ons gesindheid. Wanneer mense vol is van verkeerde gedagtes is hulle moeilik en ook geneig om ander om te krap.

Baie glo hulle is ongelukkig omdat ander verkeerde dinge aan hulle gedoen het. Daar is hulle wat alle blaam op hul gesin plaas. Ander glo dit is hulle omstandighede wat hulle ongelukkig maak. Ons grootste probleem is egter die verkeerde en negatiewe dinge wat ons gedurig oor dink. Verander jou denke, en jy verander jou toekoms!

Wees eerlik met jouself en dink mooi waaroor jy dink.
Raak ontslae van die verkeerde gedagtes wat in jou is.
Dit sal jou plaas op 'n pad van vryheid, heelheid en oorwinning.

**Jesus Christus het Vrede gebring**
**Skriflesing: Efesiërs 2:14**
**Die Ou Vert.:** *"Want Hy is ons vrede..."*
**Die Nuwe Vert.:** *"Christus is ons vrede..."*
**Die Boodskap:** *"Jesus is die ware vredemaker..."*
**Die Lewende Bybel:** *"Dit is Christus wat vrede bewerk..."*
**The Amplified Bible:** *"For He is [Himself] our peace (our bond of unity and harmony)"*

Nadat Jesus gekruisig was het die dissipels, uit vrees vir die Jode, agter geslote deure saamgekom (Joh. 20:19-21). Hy spreek toe die volgende oor hulle: *"Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur ek julle ook."* Hy spreek dit ook nou oor jou! Ons is dankbaar vir die vrede wat Jesus Christus gebring het. Vandag wil Hy ook vrede in ons harte gee – kom ons besluit om ons harte wyd oop te maak vir Sy vrede.

Daar is 'n besondere teksvers in Kol. 3:15. Hier word ons bemoedig dat God se vrede in ons harte moet heers. Die Lewende Bybel vertaal hierdie teks en sê dat die vrede van die Here is soos 'n skeidsregter. Onthou 'n skeidsregter blaas die fluitjie en hy ken die reëls. Indien God se "skeidsregter" (sy vrede in jou) die fluitjie blaas moet jy luister. Moet ook nooit 'n besluit neem sonder die Here se vrede in jou hart nie. Gewoonlik is dit dan 'n verkeerde besluit.
Nog Skrifgedeeltes wat jy moet lees is: Fil. 4:7; Heb. 12:14; 1 Pet. 3:10,11; Rom. 12:18

Kom ons dank God opnuut vir die vrede wat Hy gee.
Besluit om 'n vredemaker te wees. (Matt. 5:9)
Laat toe dat die vrede wat in jou is ander lewens aanraak.

## Teëspoed/moeilikheid/rampe/krisis

**Psalm 34:20** *"Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié almal red die Here hom."*

Ek is iemand wat glo in voorspoed van die gelowige. Dat dit moet goed gaan met elke kind van die Here. Tog oorval teëspoed ons as God se kinders. Hoekom weet ons nie en moenie eers probeer om dit verklaar nie. Maar een ding weet ek dat ons teks waar is. Die eerste deel van wat Dawid in ons teks geskryf het is 'n werklikheid. Die tweede deel in ons teks is egter die waarheid, naamlik: *"...uit dié almal red die Here..."*

Die Boodskap vertaal ons teks só treffend: *"Al tref duisend rampe mense wat die Here liefhet, Hy sal hulle nooit alleen los nie. Uit elke krisis sal Hy hulle red."* Die Lewende Bybel vertaal ons teks met: *"'n Mens wat aan die Here gehoorsaam is, kom baie moeilikhede teë, maar die Here red Hom elke keer."* Let op dat dit die Here is wat elke keer ons red uit teëspoede en uit moeilikhede.

Teëspoed is nie 'n bewys dat jy God teleurgestel het nie.
Want volgens ons teks tref teëspoed alle gelowiges.
Maar moet nooit vergeet nie: God sal jou elke keer uitred!

**Ons krag is in stil wees en vertroue**

**Jesaja 30:15** *"Want so sê die Here HERE, die Heilige van Israel: In terugkeer en rus lê julle heil, in stil wees en vertroue bestaan julle krag..."*

Dit is nou meer as 'n week dat my vrou en ek deur 'n tyd van swaar griep gekom het. Dit het vrae by ons laat ontstaan, nie soseer die siekte nie, maar dat ons gevangenis was in ons eie huis. Ons kon nêrens gaan nie, veral nie in die wind nie. Dit is daarom dat die Here hierdie Skrifgedeelte aan ons gegee het. Ek deel dit met jou.

Ons is soms so besig dat ons nie altyd werklik stil kan raak voor die Here nie. Opnuut besef my vrou en ek dat deur stil te wees en absoluut God te vertrou bestaan ons krag. Dit is mos ook in die tye dat jy swak is asof elke probleem net groter geword het. Die belofte wat die Here vir Israel gegee het by die Rooisee, toe die Egiptiese soldate op hul hakke was, glo ek gee Hy vir jou en my, naamlik: Exodus 14:14 *"Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees."*

Jou krag lê nie daarin om alles te beveg nie. Leer om dinge oor te gee aan die Here sodat Hy vir jou die geveg sal oorwin.
Of dit nou in jou huwelik, gesin, werk óf wat ookal is – raak stil en vertrou die Here. Indien jy tog iets moet doen sal Hy vir jou sê wat dit is en hoe jy dit moet hanteer.

Vra my, om regtig stil te raak is nie iets makliks nie.
Maar as daar een ding is wat rus sal gee is dit juis dit.
Vertrou God deur alles oor te gee in Sy betroubare hande.

## Gee moet 'n leefwyse wees

**Lukas 6:38** *"Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word."*

Hierdie teks is een van die kragtigste verse in die Bybel oor gee. Dit wat jy gee sal in oorvloed na jou toe terugkom. Gee gaan ook nie net oor geld nie, maar gee moet 'n leefwyse wees. Die oomblik dat jy ophou om te gee stop die vloei van voorsiening in jou eie lewe. Dit is soos die bloed in jou are – as die vloei van bloed in jou liggaam nie vrylik beweeg deur jou liggaam nie, het jy moeilikheid.

Leer om 'n gewer te wees dan sal 2 Kor. 9:8 vir jou 'n werklikheid word: *"God kan julle so oorlaai met Sy goedheid dat julle altyd sal hê wat julle nodig het, sodat julle vir ander ook baie kan gee."* (Die Lewende Bybel)

Ek sien myself as 'n gewer en het baie mense geleer om te gee, maar opnuut beself ek daar is nog soveel meer om te leer oor gee. My gebed vir myself is: *"Here, leer my nog meer hoe om te kan gee soos wat U wil hê ek moet dit doen. Leer my om iemand te wees wat altyd met blydskap sal gee – ek wil nie gee tot dit seer maak nie, maar tot ek sal oorloop van vreugde."*

Daar kom tye dat ons werklik nie het om te gee nie.
Maar dit gaan nie oor die baie wat ons het om te gee nie.
Dit is oor die gesindheid in ons harte meer as dit wat ons gee.

**Het jy ‘n stil plek waar jy bid?**

**Mattheus 6:6** Die Boodskap: *"As jy bid, gaan dan na 'n **stil plek** toe waar niemand jou kan sien nie. Trek die deur agter jou toe en praat daar eenkant opreg met jou hemelse Vader. Hy sal sorg dat jy jou hemelse beloning kry."*

Die heiligste plek vir Israel was in die tempel, agter die voorhangsel, wat genoem was die Allerheiligste. Hier was die Verbondsark, waar die hoëpriester net een dag in die jaar (dit was op Yom Kippur) kon ingaan om versoening te doen vir die volk. Om te dink net een man kon op een dag van die jaar daar ingaan. ‘n Heilige plek vir my is wanneer ek met vrymoedigheid na God kan gaan in gebed, wetende dat my Hoëpriester – Jesus, die volle prys betaal het vir my sondes.

Nadat die voorhangsel geskeur was met die kruisiging van Jesus, het ons almal toegang verkry om deur gebed persoonlik met God te kon praat. Die plek waar jy stil met God kan wees, is jou heilige plek – dit is jou stil plek met joui hemelse Vader. In hierdie baie besige lewe waarin ons leef moet jy sorg dat jy jou “stilte-tyd” met God as iets spesiaal bewaar. Jy praat met Hom en Hy praat met jou deur Sy woord, die Bybel.

Lees weer ons teks en besluit om ‘n stil plek te kry waar jy met jou hemelse Vader kan praat, óf indien jy reeds so’n plek het, bewaar dit. Neem weer kennis van die laaste sin in ons teks, naamlik: *"Hy sal sorg dat jy jou hemelse beloning kry."* Ek hou hiervan!

Ek weet jy bid, maar weet opnuut dat die Here jou hoor.
Sy oor is nie te swaar en Sy hand is nie te kort om te help nie.
Neem ‘n besluit om meer stil tye met God deur te bring!

## Hoe lyk jou gesig?

**Job 29:24** *"Hulle het weer moed geskep as ek glimlag, en my gesigsuitdrukking was vir hulle 'n bemoediging."*

Die gesig wat ons voorhou is meer belangrik as wat ons dink. Ons leef in 'n wêreld waar jy nie baie gelukkige mense sien nie. Ons as gelowiges moet anders wees as hulle wat in die wêreld is. As iemand na jou kyk kry hulle moed óf verloor hulle moed?

In Job 29 is daar 'n beskrywing wat Job van homself gee. Die Lewende Bybel vat dit so treffend saam. In verse 2-4 sê Job: *"Ag, ek wens dit was weer soos vroeër in die dae toe God my beskerm het, en my geluk gegee het in my huis en my deur moeilikhede gelei het. Dit was die beste jare van my lewe toe God vir my soos 'n huisvriend was."* Daarna vertel hy hoe die leiers in die stad na hom geluister het, en aanvaar het wat hy gesê het. In verse 11-16 voeg Job die volgende by: *"Almal wat my gehoor het, het my geprys en waar hulle my sien, het hulle goed van my gepraat...eerlikheid was my sterkste eienskap. Ek was die blindes se oë en die verlamdes se voete. Ek was 'n vader vir die armes..."*

Maar nou is Job baie siek en verlate. Tog straal daar iets uit sy gesig! Daarom kon hy met vreugde uitroep in vers 20: *"My reputasie was altyd goed en ek het fris en gesond gebly."*
Job het nie verwys na sy liggaam nie, want hy was op daardie stadium 'n baie siek man. Hy het verwys na hoe hy binne gevoel het. Die Boodskap se vertaling stel dit die beste: *"Ek het altyd binne-in my vol nuwe krag gevoel. Ek was sterk en gesond.* "

Mag ons ook kan getuig soos Job dit gedoen het.
Mag ons gesigsuitdrukking ander moed gee in die lewe.
Dit sal gebeur as ons binne gesond en sterk is.

## Hy vergeef menigvuldiglik

**Jesaja 55:7** *"Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom bartmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik."*

Ek praat natuurlik nie vandag met *"die goddelose"* en *"kwaaddoener"* nie, maar die laaste drie woorde in ons teks het my aangegryp, naamlik *"Hy vergeef menigvuldig."*
Die Hebreeuse woord wat hier gebruik word vir *vergeef* is om kwyt te skeld van sonde. Selfs Dawid het uitgeroep in Ps. 85:5 *"Want U, o Here, is goed en vergewendgesind..."* Die God wat ons dien is 'n God wat waarlik kan vergewe, en aanhou om te vergewe.

Die Here verwag dat jy en ek mekaar tot sewe keer per dag sal vergewe. (Lukas 17:4) Verder dat ons mekaar tot 490 keer sal vergewe! (Matt. 18:21,22) Indien die Here dit van ons verwag, hoeveel temeer sal Hy nie vergewe nie?

Wanneer die Here ons vergewe het verwyder hy ons sondes so vêr as die ooste van die weste van ons. (Ps. 103:12) Hy werp dit ook in die dieptes van die see. (Miga 7:9) Verder sê die Here in Jer. 31:34 dat Hy nie weer sal dink aan ons sondes nie. Daarom as God nie dink aan my sondes nie, moet ek ook nie daaraan dink nie, want vergeefde sondes is vergete sondes!

Dank die Here dat Hy vergeef menigvuldiglik.
Dank Hom opnuut, en ook gereeld, dat Hy jou vergewe het.
Dra hierdie goeie boodskap oor aan ander wat dit moet hoor.

## Sê "Amen" op God se Woord

**2 Korinthiërs 1:20** *"Want hoeveel beloftes van God daar ooit mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons."*

Een van die belangrikste woorde in die Bybel is "Geloof" want sonder dit kan niemand gered word nie, en kan ons ook nie God behaag nie. Heb. 11:6 *"En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek."*

Geloof is om te vertrou. Eintlik is dit 'n vaste vertroue in die dinge wat ons selfs nie kan sien nie, maar glo dat dit wel daar is. Heb. 11:1 *"Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."* Die Lewende Bybel vertaal hierdie teks met: *"Wat beteken dit om op God te vertrou? Dit beteken om seker te wees dat die dinge waarna ons uitsien, wel sal gebeur. Dit beteken ook om oortuig te wees dat die dinge wat ons nie kan sien nie, wel daar is."* Indien jy bly glo sal jy dit sien!

Wanneer jy jou gebed afsluit en jy sê "Amen" meen dit nie net jy het klaar gebid nie, dit meen jy sê "dit sal so wees" op dit wat jy gebid het. Dan twyfel jy beslis nie.

Stem altyd saam met die waarheid in God se woord.
En wanneer jy "Amen" sê, verwag dan 'n antwoord.
Daar is baie beloftes in die Bybel wat wag dat jy dit sal aanneem.

# Transformasie

**Rom. 12:2** *"En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed..."*
New King James: *"And do not be conformed to this world, but be transformed by the renewing of your mind..."*

Die woord "transformasie" word ook verklaar as 'n "herskepping" of dan om geheel en al nuut gemaak te word. Dit is soos 'n tweede geboorte. Die woord "metamorfose" is ook hier in gebruik en verwys na 'n nuwe voorkoms en 'n nuwe lewenswyse. Transformasie vind plaas, soos volg: "<u>Information</u> leads to <u>Application</u> that leads to <u>Transformation</u>."

Om transformasie deel te maak van jou lewe, moet jy eers kennis kry van 'n waarheid en dit toelaat in jou hart. Dan moet jy dit wat as 'n waarheid na jou gekom het, toepas – jy moet dit doen. Daarna sal God deur Sy Gees transformasie in jou laat plaasvind.

Die 'Collins Dictionary' stel dit duidelik: *"To transform someone means to change them <u>completely</u> so that they are much better."* Indien jy dit verstaan word 2 Kor. 5:17 vir jou 'n werklikheid, naamlik: *"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het vebygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."*

Ons wil nie soos die wêreld leef nie.
Ons wil toelaat dat ons in ons denke verander sal word.
Ons is nuwe skepsels – die verkeerde verlede is verby!

## Dank God vir Sy hemelse krag

**2 Petrus 1:3** Die Boodskap: *"Die Here se hemelse krag het alles vir ons gegee wat ons nodig het om elke dag reg te leef en in 'n persoonlike verhouding met Hom te staan. Ons ken God nou op 'n totaal nuwe manier. Hyself wat so vol heerlikheid en grootheid is, het ons elkeen geroep om in Hom te glo."*

Dit is wonderlik om te dink God het aan ons, deur Sy krag wat Hy beskikbaar stel, alles gegee wat ons nodig het om reg te kan leef en in 'n persoonlike verhouding met Hom te kan staan. Dit is voorwaar 'n voorreg!

Dit laat ons nie sonder enige verantwoordelikheid nie. Nog steeds moet ons doelgerig die regte dinge doen en die verkeerde vermy. Met enige ywer wat ons het moet ons sorg dat ons die nodige kennis en wysheid sal besit om te doen wat God behaag. Daarom is iets soos selfbeheersing en standvastigheid baie nodig. Onthou ook dat jou lojaliteit en liefde vir jou mede-gelowige – maar ook vir ander mense – 'n sterk deug by jou moet wees.

Alles wat ons nodig het is nie gekoppel aan ons eie krag nie. Sorg net dat jy 'n persoonlike verhouding met die Here sal hê. Sy krag sal jou help om in oorwinning te kan leef.

## Die seën van die Here

**Spreuke 10:22** *"Die seën van die Here – dit maak ryk, en moeitevolle arbeid voeg daar niks by nie."*
Die Lewende Bybel: *"Dit is net die Here se seën wat 'n mens ryk maak. 'n Mens se eie geswoeg kan dit nie regkry nie.*

Die Here seën ons nie noodwendig omdat ons in Sy wil is nie, want God se seën is onverdiende genade. Israel was nie altyd in God se volkome wil in die wildernis nie en tog het God hulle só geseën dat hulle klere nie verslyt het en hul skoene nie deurgeloop het nie. By dit alles het hulle voete nie eers geswel nie! Al hierdie het plaasgevind in 'n tydperk van 40 jaar! Praat van 'n wonderwerk. (Lees gerus Deut. 8:4 en 29:5)

Vandag wil ek elkeen van julle seën met wat geskrywe staan in Num. 6:24,25 *"Die Here sal julle seën en julle oppas. Die Here sal julle gebede beantwoord en vir julle vrede gee."* Jy moet nooit vergeet dat jy geseën is met alle geestelike seëninge wat daar is in Jesus Christus. Dit is hoe ek Efesiërs 1:3 verstaan.

Die seën oor Abraham in Deut. 28:1-14 is ook vir jou.
Die rede dat dié seën ook joune is, sal jy vind in Gal. 3:13,14.
Geseënd is jy wat op God vertrou – dit sal goed gaan met jou.

**Het jy volkome vrede in jou denke?**

**Kolossense 3:15** *"En laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar."*

Baie keer verbaas jy jouself oor wat in jou gedagtes kom. Dit is nie altyd gedagtes wat vrede in jou gemoed bring nie. Dit is asof jy nie weet hoe kom hierdie gedagtes in jou kop nie. Jou verbeelding hardloop weg soos wilde perde en jy ervaar hoe jou vrede verdwyn. Klink dit bekend?

Ons verbeeldingskrag speel 'n baie groot rol in ons lewe. Die enigste manier om hierdie krag wat in ons werk, wat ons verbeelding (imagination) noem, is om ons gedagtes te fokus op die Here en op Sy woord. In 2 Kor. 10:4,5 lees ons: *"...die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp...en elke gedagte gevange neem tot gehoorsaamheid aan Christus."* Ons het hoofsaaklik dié Skrif gebruik om ander se gedagtes gevange te neem en dit gehoorsaam te kry aan God. Maar jy kan ook hierdie Skrif van toepassing maak op jou gedagtes.

Dink aan God en plaas jou totale verwagting op Hom.
Doen wat geskrywe staan in Psalm 37:5 *"Laat jou weg aan die Here oor...en Hy sal dit uitvoer."*
Rick Warren sê: *"When you fix your mind on God, God fixes your mind"*

**Jesus se juk is sag!**

**Matteus 11:28-30** *"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig."*

Hierdie is een van die mooiste beloftes in die Bybel, naamlik dat ons na Jesus toe kan kom om rus te vind vir ons gemoed. Dan sê Jesus dat ons Sy juk op ons moet neem. Gelukkig voeg Hy by dat Sy juk sag is en Sy las lig is. Een ding weet ons en dit is dat die duiwel se juk swaar is.

Ons weet dat 'n juk op 'n plaas gebruik word sodat boere hul ploeg-diere aanmekaar kan verbind dat hulle in dieselfde rigting sal trek en dat hulle dieselfde pas sal hou. Wanneer diere saam verbind is met 'n juk kan een nie vinniger loop as die ander een nie – en ook nie stadiger nie. Hulle bly langs mekaar, om saam in die regte rigting te beweeg en mekaar te ondersteun. Deur dié juk bereik twee diere dubbel soveel, omdat hulle saamwerk. Onthou hierdie waarheid ook in gemeente verband!

Jesus sê dat jy nie alleen jou laste moet dra nie.
Hy wil jou help met jou laste – deur jou te verbind aan iemand.
Aanvaar Jesus se uitnodiging en vind rus vir jou gemoed.

## Verkry Wysheid

**Spreuke 19:8** *"Wie homself liefhet, sorg dat hy wysheid verwerf; hy stel prys op insig sodat hy voorspoed kan geniet."*
The Amplified Bible: *"He who gains Wisdom loves his own life; he who keeps understanding shall prosper and find good."*

Wysheid is om verstandig te wees. Wysheid is die vermoë om regte besluite te neem. As daar een ding is wat ons moet najaag, dan is dit wysheid. Daarom is dit belangrik om die regte besluite te neem hoe ons tyd gaan gebruik. Vermorste tyd sal ons nie help om meer wysheid te verkry nie. Ruil een uur van televisie kyk óf sport wat jy beoefen om wysheid te bekom oor iets belangrik.

Geen wonder Salomo het die volgende geskryf in Spr. 3:13,14 *"Gelukkig is die mens wat wysheid gevind het, en die mens wat verstand verkry; want die verkryging daarvan is beter as dié van silwer, en die verwerwing daarvan beter as goud."*

Iets wonderlik oor wysheid, is dat wanneer jy dit gevind het verloor jy dit nie. Die feit is hoe meer wysheid jy weggee, hoe meer word joune. Doen jouself 'n groot guns vandag en bekom meer wysheid, want dit is meer werd as goud. (Kyk weer hierbo na Spr. 3)

Besluit om jou toe te lê om meer wysheid te bekom.
Deel dit dan met ander sodat joune meer sal word.
Volgens Jak. 1:5 gee God wysheid sonder om ons te verwyt.

## Vergifnis – Versoening

**Matteus 6:14,15** *"As julle ander mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie."*

Om te vergewe is nie 'n maklike ding om te doen nie. Maar tog wanneer jy besef dat jy vergewe is, behoort jy die genade te besit om ander te kan vergewe. Jesus voel baie sterk oor vergifnis en versoening, en ons moet ook só daaroor voel.
Om te oortree is menslik, om te vergewe is Goddelik.

Jy kry 'n knoop in 'n tou as die twee punte gevleg en styf getrek was. Al hoe jy 'n knoop losmaak is om die twee punte na mekaar te bring sodat die knoop losgemaak kan word. Vergifnis werk ook op dieselfde manier. Albei partye moet gewillig wees om toe te gee en bymekaar uit te kom. Saam moet hulle dan mekaar vryspreek en sodoende sal die "knoop" tussen hulle losgemaak word. (Lees, met aandag, die laaste sin in Lukas 6:37)

Vergifnis en versoening is nie net 'n waarheid om te ken nie. Dit is nie iets soos 'n eksamen wat jy eenmaal moet skryf nie. Vergifnis is 'n leefwyse, wat 'n deel van jou moet wees.

## Vredemakers

**Matteus 5:9** *"Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word."*

Wat beteken dit om geseënd te wees? Die woord vir "geseënd" in Grieks is "makarios" en beteken om "gelukkig" te wees. Jesus sê nie gelukkig is hulle wat vrede liefhet nie. Ook sê Hy nie gelukkig is hulle wat vredevol is en gawe mense is nie. Inteendeel Jesus sê duidelik: "Gelukkig is hulle wat vrede maak." Want dit is hulle wat daarop uit is om spanning op te los – en vandag het ons hierdie mense baie nodig!

Ons sal nie altyd gelukkig voel nie – dit gaan ook nie daaroor nie. Dit gaan daaroor dat al voel ek nie altyd tevrede nie, ek tog vrede sal bewerkstellig.
En dit kan ons alleenlik doen indien ons verhouding met die Here reg is, want God is dié Vredemaker. Deur Jesus Christus se kruisdood het Hy Sy vrede in ons harte uitgestort – nie net dat ons persoonlik vrede sal hê nie, maar dat ons vrede kan maak. Dit maak dan van ons 'n vredemaker.

Vrede word ten eerste verkry uit jou verhouding met God.
Vrede het ook te doen met jou verhouding teenoor mense.
Neem 'n besluit vandag om 'n ware vredemaker te wees.

# Ons het baie krag in gebed

**Jakobus 5:16** *"Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag."*

Direk na ons teks vertel Jakobus ons van die profeet Elia wat gebid het en dat dit vir drie jaar nie gereën het nie en toe hy weer bid het dit gereën. Tog was Elia net so'n mens soos jy en ek. Elia se krag in gebed was daarin dat hy regverdig was voor God.

Wat beteken dit om regverdig te wees? Dit beteken om in die regte verhouding tot God te staan – en dit beteken nie dat jy sondeloos is nie. Ons staan in die regte verhouding met God as ons weet dat Jesus se bloed ons gereinig het.
Volgens Rom. 8:1 aanvaar jy geen veroordeling nie. Wanneer jy bid dan weet jy daar is krag in jou gebed.

Die Boodskap vertaal ons teks met: *"...God luister graag na mense wie se saak met Hom reg is."* Die Lewende Bybel vertaal dit met: *"...Die gebed van iemand wat in die regte verhouding tot God leef, het 'n kragtige uitwerking."* Glo hierdie Skirfte en wanneer jy bid weet dat jou gebed baie krag het omdat jy 'n verhouding met God het!

Mag ons as gelowiges terug keer tot Jakobus 5:16.
Dan sal ons weer kragtige genesings sien plaasvind.
Wanneer jy bid vir genesing, sorg dat jy met vurigheid bid!

## God se Gees is in jou

**1 Johannes 4:4** *"Julle is uit God gebore, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is."*

God se Gees is die 'dunamis' (naamlik die 'inwonende krag') wat Hy aan jou gegee het, soos wat Jesus beloof het in Hand. 1:8 *"...maar julle sal krag (Grieks 'dunamis') ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom..."* Lees ook: Joh. 14:16,17

Die Heilige Gees in jou bou jou karakter wanneer jy onder druk kom. (Rom. 5:3-5) Die Heilige Gees gee ons die vrug wat ons nodig het om soos Jesus te wees. (Gal. 5:22) Die Heilige Gees wat in jou is sal jou help om volgens God se wil te bid. (Rom. 8:26) Die Heilige Gees wat in jou werk rus jou toe om vir die Here te werk. (1 Kor. 12:4-6)

Wanneer ons vol is van Sy Gees word ons vervul met krag, vrede en met 'n duidelike doelgerigtheid. En natuurlik ook met vrymoedigheid, omdat Hy wat in my is groter is as hy wat in die wêreld is. Ek is altyd sterker aan die binnekant as aan die buitekant.

Maak seker dat jy nog gelei word deur die Heilige Gees.
As jy deur 'n geestelike droogte gaan – dors na God se Gees.
Die Heilige Gees sal jou vul met blydskap en gesag.

## Is jy ook deel van Gideon se span?

**Rigters 7:7** *"Toe sê die Here vir Gideon: Deur die driehonderd man wat gelek het, sal Ek julle verlos en die Midianiete in jou hand gee; maar die ander manskappe kan elkeen na sy woonplek gaan."*

Twee-en-twintig-duisend manne was bang om saam met Gideon te veg teen hul vyande en het omgedraai na hul huise. Tienduisend manne het oorgebly, maar daar was nog nege-duisend-sewe honderd wat nie bevoeg was nie. Hulle het op hul knieë gegaan om water te drink en dit het meegewerk dat hulle nie vinnig kon optree nie. Driehonderd het water na hul mond gebring terwyl hulle op hul voete bly staan het. Hulle was dus gereed om hul swaard te kon trek om te kan te veg. Die vraag is: As God jou toets sal jy gereed wees om gebruik te kan word in 'n geestelike oorlog?

God gee Gideon 'n plan om in die nag naby die laer van die vyand te kom. Hy moes hoor hoe praat hulle. Hy hoor van die droom wat een man gehad het. (vers 11-14) Jy moet luister hoe negatief praat jou vyande want dit sal jou moed gee in jou stryd – soos wat dit vir Gideon gegee het. Sorg net dat jy positief praat en doen wat die Here vir jou sê om te doen.

God het 'n plan vir Gideon gehad – wat gewerk het.
Die Here het ook 'n plan vir jou wat ook sal werk.
Jou oorwinning sal ander moed gee. (Lees hoofstuk 8)

**Het alles ook vir jou nuut geword?**

**2 Korinthiërs 5:17** Die Boodskap: *"Nou weet ek dat wanneer iemand aan Christus behoort, hy 'n splinternuwe mens is; 'n nuwe skepping in die kleine. Al die ou sondige dinge is dan iets van die verlede. Dan is die nuwe lewe hier!"*

Dit is iets wonderliks om aan Jesus te behoort. Dit is dan asof alles wat jy verkeerd gedoen het in die lewe op 'n swartbord geskryf was en totaal uitgevee was.

Om 'n nuwe skepsel te wees is nie net om 'n nuwe blaadjie om te blaai nie, maar om 'n totale nuwe lewe te begin. Die Griekse woord "kainos" wat hier as "nuwe" vertaal word meen iets wat nog nie voorheen gebruik was nie. Ja, jy het 'n nuwe identiteit ontvang.

Sonde beskadig jou waardigheid en maak ander seer, asook vir God en beslis jouself. Elke keer as jy sondig vervang dit self-respek met skaamte. Dit bou op in jou lewe en maak jou meer onvrymoedig teenoor ander. Daarom het Jesus gekom om ons sondes, nie net te vergewe nie, maar uit te wis en ons nuwe skepsels te maak.

Dit maak nie saak wat jy in die verlede gedoen het nie.
Dit maak saak in watter rigting jy vandag loop.
God sê jou verlede is geskiedenis en jy is nou op 'n nuwe pad.

## God het 'n plan vir jou lewe

**Jeremia 29:11** *"Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee."*

Israel was in ballingskap in Babilon, tog verwag God dat hulle normaal moes lewe en selfs die stad seën. (verse 5-7) Is dit nie 'n boodskap aan ons wat woon in 'n land met só baie bedrog en hartseer nie?

God se volmaakte plan vir Israel was nie Babilon nie. Hy was ook nie onkant gevang met Israel wat in Banbilon was nie. God word nie onkant gevang nie. Dit is wonderlik om te weet dat die Here aan jou sal gee altyd omdat Hy jou liefhet. Hy is 'n God wat nie verwyt nie. (Jak. 1:5) Jy sien, Sy roeping is onberoulik. (Rom. 11:29) Die Lewende Bybel vertaal dit met: *"Want as God mense geroep het en dinge aan hulle gegee het, dan trek Hy dit nie weer terug nie."*

God se volmaakte plan volgens 1 Tim. 2:3,4 is dat almal gered sal word. Sy begeerte is dat ons gesond sal wees. (3 Joh. 1:2) Vir Hom is ons Sy geseënde. (Ef. 1:3,4) Baie graag wil Hy jou voorspoedig maak. (2 Kor. 9:8)

Die Here se plan vir jou is voorspoed en nie teenspoed nie.
Enige plan wat God het is nie Sy tweede beste plan nie.
God kan van 'n "minus" 'n "plus" maak!

# Medelye

**Mattheüs 9:36** *"En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie,"*

Medelye is baie meer as simpatie. Simpatie laat jou jammer voel vir mense, maar as jy medelye het dan wil jy iets vir iemand doen. Om jammer te wees vir mense laat jou net rondsit en jammer voel vir hulle. Medelye sal jou dryf om iets vir ander te doen.

Dit is medelye wat Jesus brood en vis laat vermeerder het, siekes gesond gemaak het, demone laat uitdryf het en dit was ook medelye wat Jesus gedryf het na Sy kruisdood. Dit is dieselfde medelye wat Jesus in ons harte wil uitstort vir ander in nood. Ons is die enigste liggaam van Christus op aarde wat Hy wil gebruik om mense in nood te help.

Vir jare sê ek al dat daar 'n gawe van "raaksien" moet wees. In ons teks lees ons dat Jesus die skare gesien het dat hulle moeg en uitgeput was, en dat Hy innig jammer vir hulle gevoel het.

Het jy genoeg medelye in jou hart sodat Jesus jou kan gebruik? Mag Sy Gees ons help om weer mense in hul nood te sien. Wees Jesus se hande wat uitstrek na hulle wat moeg is.

**Wil jy geestelik versterk word?**

**Handelinge 14:22** *"Hulle het <u>die gelowiges geestelik versterk</u> en hulle aangespoor om getrou te bly in die geloof. Ons sal eers deur baie verdrukkinge moet gaan voordat ons in die koninkryk van God kom, het hulle gesê."*

Volgens vers 19 was Paulus met klippe gegooi en as dood buitekant die stad gesleep. Die gelowiges het om hom vergader en vir hom gebid. Hy het weer opgestaan en voort gegaan om God se woord te verkondig. Nou kon Paulus weer die gelowiges geestelik versterk en hulle aangespoor om getrou te bly in die geloof.

Watter skok tref jou as jy in jou motor klim en uitvind dat jou motor se battery dood is? Moontlik het jy iewers 'n lig laat brand en nou wil die motor nie aanskakel nie. Dan is dit belangrik om 'n "Springer kabel" (Jumper cable) in die hande te kry sodat jy weer nuwe lewe in jou motor se battery kan kry. Kry iemand wat sy motor langs joune parkeer en konnekteer die kabels versigtig aanmekaar. Doen jy dit reg sal jou motor se battery weer nuwe krag kry sodat jy jou reis kan voortsit.

Geestelik werk hierdie beginsel ook.
As jy geestelik verswak het, kry 'n gelowige langs jou.
Sorg dat julle geestelik 'konnekteer' dat jy versterk kan word.
Die sterker Christen behoort die swakker een te kan help.
(Rom. 15:1)

**Jou Gesindheid kan deure oopmaak**

**Ons lees die volgende van Kaleb in Numeri 14:24:** *"Maar omdat My dienaar Kaleb 'n ander gesindheid het en My getrou gevolg het, sal Ek hom inbring in die land wat hy gaan verken het, en sy nageslag sal dit besit."*

Die gesindheid in Kaleb was uitstaande, daarom word daarvan melding gemaak in ons Skrifgedeelte. God was so tevrede met Kaleb dat hy die belofte ontvang het om te kon ingaan in die beloofde land. Meer nog, dat sy nageslag ook die land in besit sou neem. Kan jy sien hoe maak die regte gesindheid deure vir 'n mens oop?

Kaleb was die een wat geglo het dat by God alle dinge moontlik was en dat Israel hul vyande sou verslaan. Hy het homself nie gesien as 'n sprinkaan – soos wat die ander manne hulself gesien het nie. (Num. 13:33) Hoe sien jy jouself?

Jou gesindheid sal bepaal of God die deur van seëninge vir jou gaan oopmaak en of jou nageslag ook geseën gaan word. Net jy (en die Here) weet watter soort gesindheid in jou hart is. Wees eerlik met jouself en indien jy besef dat jou manier van dink nie tot eer van die Here is nie, is dit jy wat 'n besluit moet neem om dit te verander.

Verander jou denke, dan verander jy ook jou hele lewe.
Dit verseker jou eie toekoms asook dié van jou nageslag.
As jou gesindheid reg is sal dit vir jou deure oopmaak.

## Jesus se gebed om "Eenheid"

**Johannes 17:20,21** *"Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo – dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het."*

Johannes 17 staan ook bekend as "Die Hoëpriesterlike Gebed" van Jesus vir Sy Kerk. Hier bid Jesus veral vir eenheid en ons dink aan Sy woorde in Markus 3:25 waar Hy gesê het: *"...en as 'n huis teen homself verdeeld is, kan daardie huis nie bly staan nie."*

Al die jare is een van my gesegdes dat wanneer ek my voordeur en agterdeur van my huis gesluit het – soek ek vrede in my huis. As daar vrede in my huis was het ek kans gesien vir enige probleem wat ons as gesin moet hanteer. Dieselfde beginsel geld ook vir 'n gemeente. Gemeentes sal nie oorwinning en deurbrake ondervind as daar nie vrede in die gemeente is nie. Almal is nie eners nie – maar almal kan in 'n eenheid leef. Ek maak 'n beroep op gemeente-leiers om asseblief nie dinge toe te laat wat die vrede in die gemeente versteur nie.

Ons moet bid vir eenheid maar ons moet ook werk vir eenheid. Daarom sovêr dit van jou afhang leef in vrede met alle mense. Breek verdeeldheid deur te vergewe en vry te spreek.

## Bid in Jesus se Naam

**Johannes 14:13,14** *"En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen."*

Baie keer hoor ek mense bid: *"Here, ek bid dit terwille van Jesus."* Maar as jy bid, is dit nie terwille van jouself, jou gesin of iemand anders nie? Tog wil ons nie ingewikkeld raak wanneer ons tot God bid nie. Die regte manier om te bid is egter om ons hemelse Vader te vra in Jesus se Naam. Daar is baie krag in Jesus se Naam.

Graag vertel ek jou van 'n ondervinding net nadat ek 'n kind van die Here geword het. Ek was maar sewentien en het een laat nag in my ouerhuis se sitkamer gaan bid. Terwyl ek ernstig in gebed was het ek gewaar dat 'n bose man voor my kom staan het en met sy sterk hande het hy my bo-arms vasgegryp. Alhoewel ek 'n onervare Christen was, het ek geweet dat daar krag is in Jesus se Naam. Maar die die Naam "Jesus" kon net nie uit my mond kom nie. Ek het al harder probeer en uiteindelik hoor ek dat ek uitroep: *"Jesus, Jesus, Jesus."*
Die volgende oomblik was die greep op my bo-arms verbreek en was net ek alleen in die sitkamer. Daardie oomblik het 'n groot blydskap oor my gekom omdat ek vry was. Alles te danke aan Jesus se Naam!

Jy kan met vrymoedigheid bid in Jesus se Naam.
Hy sal en wil vir jou voorsien – selfs meer as wat jy kan dink.
Jou oorwinning is nader as wat jy ooit kan verwag.

## Brandhout uit die vuur geruk

**Sagaria 3:1,2** *"Daarna het Hy my Josua, die hoëpriester, laat sien, terwyl hy voor die Engel van die Here staan, en die Satan aan sy regterhand staan om hom aan te klae. Toe sê die Here aan die Satan: Mag die Here jou bestraf, o Satan!...Is hierdie een nie 'n brandhout wat uit die vuur geruk is nie?"*

Sagaria 3 gaan oor Josua, die hoëpriester, wat hier deur die duiwel aangeklae word. Een ding wat ons nooit moet doen nie en dit is om mense aan te klae nie, want dit is die duiwel se werk – ons moet hom nie help in sy vuil werk nie.

Die Heilige Gees klae nie aan nie. In Joh. 16:8 word ons geleer dat dat die Heilige Gees oortuig ons. In die Engelse vertaling van hierdie teks word die woord "convict" gebruik en nie "accuse" nie.

God vergewe nie net ons sondes nie maar Hy neem dit weg, so vêr as die Ooste is van die Weste – Psalm 103:12. Ek is so dankbaar dat God ons letterlik uit enige "vuur" kan uitred. Dit sluit in: Sonde, siekte en enige finansies wat soos vuur ons wil verteer!

In Sag. 3:3 sal jy sien dat Josua se klere nie skoon was nie. Tog het dit Satan nie die reg gegee om hom aan te klae nie. Wonderlik om te weet dat God veroordeel nie. (Rom. 8:1)

## Sê wat God sê jy is!

**2 Korintiërs 5:21** Die Lewende Bybel: *"Christus het nie een enkele sonde gedoen nie. Maar God het Hom verantwoordelik gemaak vir al ons sondes asof Hy dit self gedoen het. Nou sê God as ons aan Christus verbind is, is ons skuld weggeneem, net so goed of ons self nooit sonde gedoen het nie."*

Ons as God se kinders kan nie meer praat soos hulle in die wêreld nie. Ons is nou nuwe skepsels volgens 2 Kor. 5:17. Meer nog, volgens ons teks vandag, kyk God na ons asof ons nooit gesondig het nie. Al klink dit of dit nie waar kan wees nie is dit presies wat hier geskrywe staan. Daarom moet ons leer om te sê wat God sê ons is. Sê hardop vir jouself: *"My skuld is weggeneem, dit is so goed asof ek nooit sonde gedoen het nie."*

God het, nadat Hy jou vergewe het, verklaar dat jy nie meer skuldig is nie. Hy het jou sondes in die diepte van die see gewerp en dink nie meer daaraan nie. Jy moet nou dieselfde doen. Hou op om jouself aan te klae. Stem saam met die beloftes in die Bybel wat jy is in God se oë. Maak seker dat jy die Skrifgedeeltes van harte ken wat jy in die Here is. Van hierdie tekse sal jy vind in Efesiërs een. Lees dit en maak dit joune.

Indien jy God se woord glo, en praat, sal dit jou gees bevry.
Weier om te luister na boodskappe wat jou veroordeel.
Gaan waar jy God se woord kry wat jou sal kan opbou.

## Jy kan vrugbaar wees

**Galasiërs 5:22** Die Lewende Bybel: *"Maar as dit die Heilige Gees is wat ons lewe oorheers, bewerk Hy die goeie dinge in ons soos die vrugte wat aan 'n boom gedra word. Hy gee liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, vrygewigheid, betroubaarheid, nederigheid en selfbeheersing."*

'n Appelboom sukkel nie om appels te dra nie – al wat dit nodig het is water en son. Indien jy geestelike vrug wil dra sal jy doelgerig moet wees, maar jy sal moet toelaat dat die Heilige Gees jou lewe oorheers. Wanneer dit gebeur sal Hy sorg dat die vrug waarvan ons lees in ons teks sal voortkom in jou lewe. Jy sal nie met groot inspanning "probeer" om blymoedig te wees nie, dit sal vanuit jou binneste vloei na buite.

Jy sal nie sukkel om lief te hê nie. Blydskap, vrede, geduld en vriendelikheid sal iets spontaan in jou lewe wees. Om te gee sal 'n tweede natuur wees en om betroubaar asook om nederig te wees sal nie veel verg nie. Selfbeheersing sal eie aan jou wees omdat jy nie jouself hoef te beheer nie, maar God se Gees sal dit vir jou doen.

Ons behoort vrugte te dra wat sal wys dat ons God se kind is. As ons in ons eie krag probeer sal dit nie so maklik gaan nie. Daarom: Gee jouself totaal oor aan die Heilige Gees!

**Die reën is 'n teken van vergifnis**

**Joel 2:23** In The Living Bible: *"Rejoice, O people of Jerusalem, rejoice in the Lord your God! For the rains He sends are tokens of forgiveness. Once more the autumn rains will come, as well as those of spring."*

Die Boodskap: *"Wees bly...juig tot eer van die Here julle God! Die reën wat van Hom kom, is 'n teken dat Hy regtig vir julle omgee..."*

Die meeste van ons land is in 'n geweldige droogte vasgevang. Die Weerkundiges is nie baie positief in hul berigte nie. Alles word nou toegeskryf aan klimaat-veranderings. Ek is nie 'n kundige op daardie gebied nie, maar weet daar is 'n God wat aan ons uitkoms kan gee. Ek het gesien hoe die Here die Vaaldam van min water tot meer as vol gemaak het, nogal binne twee weke!

Droogte kan nooit 'n seën wees nie. Daarom as dit soms baie reën moet jy nie kla dat jy nie jou sport kan beoefen nie. Wees altyd dankbaar vir reën.
Die Engelse vertaling in 'The Living Bible' stel dit baie duidelik, en dit is dat reën 'n teken van vergifnis is. Ons dien 'n God van wonders wat beloof het dat as ons Hom aanroep, en ons verkeerde weë los, sal Hy ons land genees! (2 Kron. 7:14)

Almal word opgeroep om ernstig te bid vir reën wat so nodig is. Daar is krag as ons saamstem in gebed – volgens Matt. 18:19. Mag oorvloedige reën oor ons land kom!

# Waarom moet ons toegerus word?

**Efesiërs 4:11,12** *"En dit is die 'gawes' wat Hy 'gegee het': apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam (die gemeente) van Christus."*

In Efesiërs 4 word ons vertel dat die Here gawes óf dan bedieninge gegee het om die gelowiges toe te rus vir die werk wat hulle moet doen.

Die rede vir hierdie toerusting is die volgende:
Sodat ons sal kan groei na geestelike volwassenheid. (v.13)
Dat ons nie deur verkeerde lering ontwrig sal word nie. (v.14)
Ook dat ons mekaar sal ondersteun in die gemeente – en in al hierdie dinge 'n bydrae sal lewer tot groei in die kerk. (v.16)
Vra jouself die vraag af, of wat jy tans vir die Here doen, werklike help tot geestelike groei in jou gemeente?

Dink goed na oor die volgende: Lidmate word bygevoeg tot 'n gemeente, terwyl die meeste nie toegerus word vir wat hulle moet doen nie.

In Matt. 10:5 lees ons: (Ek haal aan uit 'Die Boodskap') *"Jesus het vir hulle die nodige toerusting gegee, naamlik die mag om bose geeste te verjaag wat mense se lewe deurmekaarkrap, om siekes gesond te maak, en om mense te help wat op die een of ander manier deur die lewe gekneus is."*

As gelowiges toegerus word sal dit hulle geestelike mag gee.
Wil jy nie jouself aanmeld om toegerus te word nie?
Opdragte maak jou 'n volgeling – gesag maak van jou 'n leier.

# Leiding oor Besluite

**Romeine 8:14** Die Boodskap: *"Almal wat hulle deur die Heilige Gees laat lei, is kinders van God. As julle hierdie keuse maak, is julle nie langer slawe van dinge soos angs en vrees nie."*

Om besluite te maak is iets wat ons elke dag doen. Ons probleme kom wanneer ons belangrike besluite moet neem, wat baie keer die rigting van ons lewe nadelig raak. As mens kan ons 'n slegte besluit of 'n goeie besluit neem, maar die ergste van alles is wanneer ons geen besluit geneem het nie. Wat ek ontdek het, rakende 'n besluit, is dat die eerste gedagte wat by my gekom het oor 'n saak gewoonlik die regte een was.

Een van die beste boeke wat ek gelees het oor "Leiding" is dié een wat geskryf is deur Bob Mumford met die naam 'Take another look at Guidance' waarin hy praat van die drie ligte wat in 'n ry moet wees, voordat jy 'n groot besluit sou neem.

Indien jy al in Knysna was sal jy weet van die ligte wat hulle op die koppe het naby die ingang van die meer. Wanneer skepe in die nag of mis vanaf die see moet inkom, volg die kaptein die rigting wat die ligte vir hom gee. Sodoende tref sy boot nie die rotse wat hy nie kan sien nie.

Ons het 'drie ligte' nodig in die besluite wat ons moet neem. Die eerste is God se woord – Sy Gees – en omstandighede. Sorg dat 'hierdie drie ligte' in plek is voordat jy 'n besluit neem.

## Jesus se bloed reinig volkome

**1 Johannes 1:7** Die Lewende Bybel: *"Maar as ons in die lig lewe – soos God ook in die lig lewe –* ***dan*** *staan ons in die regte verhouding met mekaar* ***en dan*** *reinig die bloed van sy Seun, Jesus Christus, ons van* ***al*** *ons sonde."*

Skoon olie in jou motor het die vermoë om jou motor se enjin aan die gang te hou dat daar nie skade kom nie. Vuil olie beskadig 'n motor se enjin, en dit verstadig die enjin. Die persoon wat toelaat dat Jesus se bloed gedurig deur hulle vloei voorkom enige skade wat sou kom in sy of haar lewe. Ondersoek dus gedurig jouself. (2 Kor. 13:5)

1 Joh. 1:7 is geskryf vir ons as gelowiges. Ek maak hierdie stelling omdat daar in hierdie hoofstuk twee-en-dertig keer die woord "ons" voorkom. Johannes praat dus nie hier met ongelowige mense nie maar met gelowiges. Ons weet egter dat baie ongelowiges al deur hierdie teks gered is!

Lees vers 7 saam met vers 9, dan verstaan jy dat Jesus se bloed ons reinig van alle sonde – indien ons bereid is om dit te bely. Bely beteken om te sê jy is jammer. Hoekom die meeste mense swaarkry om dit te doen, bly 'n raaisel.

Indien jy nie die seën van die Here in jou lewe het nie, bely.
Vertel die Here dat jy jammer is as jy nie skoon voel nie.
Bely wat verkeerd is in jou lewe en laat dit staan. (Spr. 28:13)

**Steel swaarkry jou liefde en blydskap?**

**Romeine 5:3-5** *"...Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en die hoop beskaam nie, want God het Sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het."*

John Ruskin het gesê: "Die grootste loon wat 'n mens kan ontvang vir jou swaarkry, is nie wat jy daaruit *kry* nie, maar wat jy daardeur *word*." Die vertaling van Rom. 5:3 lees so treffend in 'Die Boodskap' met hierdie woorde: *"Al kry ons nou baie swaar, vat dit glad nie ons blydskap weg nie. Allesbehalwe. Ons weet mos dat swaarkry ons vorm en slyp om nog meer op God te vertrou."*

Dit is só dat swaarkry ons baie keer help om geanker te word in ons geloof. Dit is ook wonderlik om te weet dat hoop is die bloudruk van geloof. Wanneer jy 'n huis wil bou het jy eers geloof nodig in jou hart, maar dan moet jy 'n bloudruk ('n plan) opstel om die geloof wat in jou hart is moontlik te maak.

Alles gaan nie oor gesag en mag nie, maar oor God se liefde.
Ons teks sê: Die Here se liefde uitgestort in ons harte.
*"Wys my jou liefde, dan sal ek weet hoe vol jy is van die Heilige Gees,"*

# Droom groter

**Jesaja 54:2** *"Maak groter die plek van jou tent, maak breër jou tentdoeke, moenie suinig daarmee werk nie. Maak langer die tentlyne en slaan die tentpenne dieper in..."*

William Carrey was 'n gemiddelde mens met geen gawes wat aandag getrek het nie. Om die waarheid te sê, niks wat hy in sy lewe aangepak het, was baie suksesvol nie. William Carrey is deur Jes. 54:2 geïnspireer en was geroep na Indië in 1794, as 'n sendeling. Een talent wat hy gehad het was om maklik 'n taal aan te leer. Dit het daartoe gelei dat hy die Bybel in ses tale vertaal het. Vandag staan Carrey bekend as een van die suksesvolste sendelinge ooit.

Moet nooit sê jy kan nie, want deur die krag wat Jesus jou gee sal jy in staat wees om meer te bereik as wat jy dink.
Só verstaan ek Fil. 4:13 *"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."* Weet ook dat Sy krag en genade is meer as genoeg vir jou.

Om groter te droom is 'n besluit wat jy moet neem.
Jy is nie te oud of onervare om hoër hoogtes te bereik nie.
Maak dus jou tent se plek groter – slaan jou tentpenne dieper.

## Luister na die Here se stem

**Johannes 10:5,27** *"Hulle (My skape) sal 'n vreemde nooit volg nie, maar van hom wegvlug, omdat hulle die stem van die vreemdes nie ken nie…My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My."*

Jesus sê duidelik: *My "skape" hoor My stem*. Hy sê nie My "lammers" hoor My stem nie. Geestelik werk dit ook só. Toe ons God se kinders geword het was ons soos lammers. Eers nadat ons gegroei het van 'n 'lam' na 'n 'skaap' kon ons die Here as ons Herder se stem mooi hoor en verstaan. Kinders van 'n gesin dwaal af as pa en ma nie die Here se stem hoor nie. Onthou dit is lammers wat skape volg, en nie andersom nie.

Dra jy kennis van die "Judas-bok?" Dit is 'n bok wat gebruik word om skape te lei na die slagpale. Die skape volg hom, omdat hy daarvoor opgelei is. Net voordat die skape die slagpale bereik beweeg hierdie bok eenkant toe en die skape beweeg na die slagpale. Maak seker dat jy die ware Herder volg en nie 'n "Judas-bok" nie. Ontwikkel 'n oor om God se stem te hoor in jou lewe.

Daar is só baie stemme wat tot ons kom vandag.
Sorg dat jy ingestem is om "Die Herder" se stem te kan hoor.
Dit sal alleenlik gebeur wanneer jy Hom beter ken.

## Om lank te leef

**Spreuke 3:1,2** *"My seun, wat ek jou leer moet jy nie vergeet nie, hou vas aan wat Ek jou voorskryf, want dit sal vir jou 'n lang lewe verseker, dit sal maak dat jy 'n vol lewe het."*

Afgesien dat God 'n belofte gegee het dat ons 120 jaar oud kan word, is daar tog mense wat nie lank wil lewe nie. Natuurlik kan ons nie vir altyd op aarde leef nie, maar daar is genoeg beloftes in die Bybel vir 'n lang lewe. soos wat ons teks dit stel. My raad aan almal, wat 'n lang lewe wil leef, is om die Bybel se beloftes daaroor te lees, en dit te glo. Niemand het die lewe in hul hand nie, alleenlik God besit daardie mag.

As jy Spr. 3:1,2 jou eie maak, glo ook die Skrifte in Gen. 6:3; Ps. 91:16 en ook in Spr. 3:2,6. Leef met 'n passie ('n droom) soos Kaleb gehad het. (Jos. 14:10-12) Praat reg. (1 Pet. 3:10) Leef 'n lewe van blydskap. (Neh. 8:11) Maar bó alles vernuwe jou denke. (Rom. 12:2)

In jou binnekant is jy groter as aan die buitekant. (1 Joh. 4:4)
Natuurlik, so ver dit van jou afhang leef 'n gesonde lewe.
Wat God jou leer verseker 'n lang lewe verseker. (Ons teks)

# Wees 'n Andreas

**Johannes 1:41** *"Andreas, die broer van Simon Petrus, was een van die twee wat dit van Johannes gehoor en Hom (Jesus) gevolg het."*

In die Bybel word daar nie baie melding gemaak van Andreas nie. Andreas se roeping was om sy eie broer Simon Petrus na Jesus te lei. Ons lees daarvan in Vers 43. As gevolg hiervan, kan ek hom sien vol blydskap op Pinksterdag (Hand. 2) toe 3000 siele as gevolg van Petrus se preek gered was. Andreas het nie daardie dag gepreek nie, maar gedeel in die vreugde.

Wees dus 'n Andreas! Wees daardie persoon wat God kan gebruik om die volgende Apostel Petrus na Jesus te lei en ontvang, by God, die beloning wat Hy aan jou sal gee! Jou hoofopdrag is om siele vir die Here te wen – en nie altyd om die grootste prediker te wees nie. Jy sien, ons opdrag bly dit wat Jesus ons gegee het in Matt. 28:19.

Die oes van die aarde het oorryp geword (Open. 14:15) Omdat die lewe kortstondig is behoort ons doel en fokus te wees om mense na Jesus te lei. Ps. 103:14,15 sê: *"Die mens – soos die gras is sy dae…as die wind daaroor gaan, is dit nie meer en sy plek ken hom nie meer nie."* Vraag: Wanneer laas het jy iemand na Jesus gelei?

Baie wil Petrus wees wat deur sy skaduwee siekes genees!
Ander wil 'n Paulus wees wat die adder in die vuur afskud!
Wees jy 'n Andreas wat iemand na Jesus toe lei.

## Stukkende mure

**Miga 7:11** *"Daar kom 'n dag om jou mure te herbou."*

In die ou tyd het stede mure om hulle gehad wat beskerming gebied het teen hul vyande. Geestelik het ons ook mure nodig om ons te beskerm. Vandag is daar ongelukkig baie stukkende mure wat herbou moet word!

In Neh. 1:1-6 vind ons die verhaal waar Nehemia kennis gekry het dat Jerusalem se mure in puin lê. Hy het geween toe hy dit hoor. (verse 3,4) Breek ons ook op oor die geestelike mure wat stukkend is? Lees die verdere verhaal in Neh. 3 dan sal jy sien in Nehemia se tyd was almal se hulp nodig. Vandag is dit nog dieselfde – almal se hulp is nodig. In die gesin, in ons gemeente en in ons omgewing. (En wat van die land?)

Maar een ding moet ons nooit uit die oog verloor nie en dit is wanneer jy wil bou aan mure wat stukkend is, sal daar teëstand wees! Lees gerus Neh. 4:1-3. Maar dank God, as ons almal gaan saamwerk sal ons vinniger bou as wat ons gedink het. Nehemia het dit ook uitgevind. (Neh. 6:14,16) Met God se hulp sal ons die mure weer kan herbou.

Die muur van blydskap moet herstel word. (Neh. 8:11)
Stukkende mure in die huwelik moet verseker herstel word.
"Tobias" moet uit – bring "aanbidding en tiendes" terug!
(Om hierdie uitdrukking te verstaan, lees Neh. 13:4-9)

## **‘n Streep om die sole van my voete!**

**Job 13:27** *"U trek vir U 'n streep om die sole van my voete."*

Voorwaar 'n treffende teks vir Heiligmaking! Want ons hoor dikwels: *"Is dit sonde? Mag ek daarheen gaan? Is dit wat ek doen toelaatbaar? Waar kan ek die streep trek?"* Kyk waar was die streep getrek? Daar is nie veel ruimte gelaat nie. Kyk wie het die streep getrek – dit is die Here!

Wanneer ons praat van "Heiligmaking" praat ons nie van "Isolasie" nie. Veral as ons kyk na die gebed wat Jesus gebid het in Joh. 17:15,16: *"Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die bose bewaar. Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie."*

Heiligmaking is ook nie om perfek te wees nie. Paulus skryf in Fil. 3:12 *"Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp."* In 1 Pet. 3:12 staan geskrywe: *"Wees heilig, want Ek is heilig."* Hier word nie bedoel dat ons heilig soos God moet wees nie. 'n Koppie water uit die see, is dieselfde as die water in die see – maar nie in hoeveelheid nie!

Neem kennis: God het ’n streep getrek om jou voete.
Wees versigtig waarheen jou voete jou neem.
Want God het jou duur gekoop!

**Wakker die gawes aan!**

**2 Timótheüs 1:6** *"Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die genadegawe van God aan te wakker wat in jou is deur die oplegging van my hande."*

Paulus praat hier met die jong Timótheüs en moedig hom aan om die gawes wat reeds in hom is aan te wakker. In die 1983 vertaling word hy aangemoedig om die gawes wat in hom is aan te wakker: *"soos 'n vuur weer moet aanblaas"* en in 'The Amplified Bible' lees ons: *"I would remind you to stir up...the flame of, and keep burning the gift of God [the inner fire] that is in you..."* Ek hou van die woorde 'aanblaas' en 'stir up' wat hier gebruik word.

Jy sal die gawes van God aanwakker, wanneer jy ontdek wat reeds in jou is. Lees en verstaan wat geskrywe is in Joh. 7:38. Baie keer soek ons dat geestelike gawes van buite af na ons sal kom, terwyl dit van binne ons na vore moet kom. Verder sal die gawes in jou deur God gebruik word wanneer jy jouself tot beskikking van God sal stel. Lees meer oor die gawes van die Heilige Gees in 1 Korinthiërs 12 en vra die Here dat van daardie gawes deur jou sal werk. Hoekom vra jy nie God dat die genesings-gawe deur jou sal werk nie? Maar dan moet jy bereid wees om vir siek mense te kan bid.

In jou is daar meer as wat jy kan bid of dink.
Skep moed en wakker God se gawes aan in jou lewe.
Daar is soveel nood om jou, en God wil jou gebruik.

# Ons pad na die hemel

**2 Konings 2:1** *"En toe die Here Elia in 'n storm na die hemel sou opneem, het Elia met Elisa uit Gilgal uitgegaan."*

Ons doel is om die hemel te bereik, waar ons ewig by die Here sal wees. (1 Thes. 4:17) Die treffende verhaal van Elia en Elisa in 2 Kon. 1:1-12 spreek boekdele tot ons – dit is waar ons lees dat Elia hemel toe is met *'n wa van vuur met perde van vuur*. Gilgal verwys nie altyd na 'n plek nie, maar na 'n ondervinding. Die Boodskap stel dit soos volg: *"Toe sê die Here vir Josua: Vandag bevry Ek julle van die vernedering wat julle beleef het as slawe in Egipte. Daarom is die plek Gilgal genoem…"*

Voordat Elia hemel toe kon gaan, het God hom eers uit sy 'Gilgal' gebring – soos wat Israel verlos was uit hulle 'Gilgal' naamlik Egipte. Dit is presies wat God met ons gedoen het deur ons uit te bring uit die plek waar ons geestelike slawe was.

Voordat ons 'opgeneem' sal word hemel toe, sal ons ook die volgende moet ervaar, naamlik om eers by "Bet-el" uit te kom – die plek van ontmoeting met God. Lees gerus van Jakob se ondervinding by Bet-el in Gen. 28. Het jy al dié ondervinding gehad? Ons het ook ons 'Jerigo' nodig op pad hemel toe. Dit is waar God mure ineen laat val het en ons oorwinning gegee het. Almal moet deur die 'Jordaan' gaan. Maar dank God, só bereik ons die hemel!

Dank God dat jy uit slawediens bevry is.
Dank God ook vir jou 'Bet-el' en 'Jerigo' ondervindings.
Wees altyd gereed vir Jesus se Wederkoms!

## Ontvang en Vergewe mekaar
## Filémon 1:1,2 Paulus skryf aan sy vriend Filémon:

*"Paulus, 'n gevangene van Christus Jesus…aan die gemeente wat in jou huis is."*

Hierdie kort brief net voor Hebreërs het 'n treffende boodskap van vergifnis. Hier skryf Paulus aan Filémon, 'n baie ryk man, en vra hom om Enésimus, 'n slaaf wat weggeloop het weer terug te ontvang en hom te vergewe. Die brief aan hom was ook gerig aan die gemeente wat in sy huis was. (Vers 2 – Almal moes kennis neem) Enésimus het gevlug na Rome en Paulus in die tronk besoek waar hy na Jesus gelei was.

In vers 18 skryf Paulus aan Filémon en sê: *"En as hy jou benadeel het of iets skuld, sit dit op my rekening."* Is dit nie presies wat Jesus vir jou en my gedoen het nie? Hy het al ons skuld op Hom geneem en ons van harte vergewe. Daarom staan daar geskryf in Kol. 3:13 *"Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen."*

Soos vir Filémon, roep God ons om te ontvang en te vergewe. Ons moet die mure van skeiding afbreek tussen ons en ander. Ons moet vergewe soos wat Christus Jesus ons vergewe het.

**Wees aan die brand vir God!**

**Romeine 12:11** *"Moenie vir een enkele oomblik verslap in julle diens aan die Here nie. Nee, laat die Gees julle met Sy krag aan die brand steek sodat julle voluit vir God kan leef. Dien die Here met groot oorgawe."* (Die Boodskap)

Vurigheid en entoesiasme is iets wat altyd waardeer word. Of dit nou in die kerk, of in besigheid en verseker in sport gesien word. Ouderdom mag jou vel vol plooie maak, maar as jy jou vurigheid en entoesiasme verloor sal daar plooie in jou siel ontstaan!

Jy sien, dit wat in ons is maak ons altyd sterker as dit wat van buite af kom. Ons is immers groter aan die binnekant as aan die buitekant. 1 Joh. 4:4 *"Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is."* 'n Bekende prediker, Smith Wigglesworth, het gesê: *"I am bigger on the inside than on the outside."*

Die woorde van Paulus in Fil. 4:13 is so treffend in die 'The Amplified' Bybel: *"I have strength for all things in Christ who empowers me – I am ready for anything and equal to anything through Him who* <u>*infuses inner strength*</u> *into me."*

Wees met niks minder tevrede as om God vurig te dien nie.
Jou vurigheid en entoesiasme sal iemand moed gee.
Moenie verslap nie – leef voluit vir die Here!

**Vertrou die Here vir meer as genoeg**

**Filippense 4:19** *"En my God sal elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens Sy oorvloedige rykdom in Christus Jesus."*
The Amplified Bible says: *"And my God will liberally supply (fill to the very full) your every need according to His riches in glory in Christ Jesus."*

Dit verbaas my wanneer ek hoor dat iemand sê hulle het nie eintlik veel geld nodig nie. Hulle is tevrede met min, want solank hulle persoonlike behoeftes vervul word, is hulle gelukkig. Dit klink nie na nederigheid nie, maar na selfsug. Al wat hulle sê is dat hulle eie behoeftes belangrik is. Het hulle nie ‘n begeerte om vir ander se behoeftes ook te voorsien nie? Daar staan tog geskrywe in 2 Kor. 9:8 *"God kan julle so oorlaai met Sy goedheid dat julle altyd sal hê wat julle nodig het, sodat julle vir ander ook baie kan gee."* (Die Lewende Bybel) Wat kan duideliker wees as dit?

Moenie enige oorvloed wegwys omdat jy glo dat jy dit nie nodig het nie. Wees gewillig om ook te kan ontvang óf miskien moet ek sê dat jy moet leer om te ontvang. Gee dan met blydskap vir iemand wat in nood is – en daar is baie van hulle.

Moenie net aan jou eie behoeftes dink en daarvoor bid nie. Vertrou die Here vir *meer as genoeg*, sodat jy ander kan seën. God wil jou meer gee as wat jy ooit sal kan besef.

## Erken wat jy reeds het

**Kolossense 2:10** Die Lewende Bybel: *"En julle het reeds alles wat God vir julle wou gee, want julle is aan Christus verbind. Hy is die hoogste gesag wat daar is en Hy het seggenskap oor alles."*

Alles wat jy nodig het of wat jy graag wil bereik is reeds joune – verklaar dat dit so is. Daar is n sekere wet wat werk in elke mens. Ek gee dit 'n naam: Die wet van om te erken. Daarom hou ek van die woorde in ons teks: *"En julle het reeds alles wat God vir julle wou gee…"* Glo jy wat hier geskrywe staan?

Dit is waarom die suksesvolle mense sukses bereik. Leer om alle sukses en seën te vier. Deur dit te doen sal jy selfs die wonde in jou lewe genees. Jy sal entoesiasme losmaak in ander se lewens. Jy sal ongelukkige herinneringe doodmaak in jou lewe. Dit sal jou weer laat fokus op die seëninge in jou lewe en ander mense sal graag jou geselskap opsoek.

Hierdie wet van om te erken dat jy alles het wat God vir jou wou gee, sal jou lewe in 'n nuwe rigting stuur. Klagtes sal verdwyn en blydskap sal jou lewe vul. Jy sal vol van verwagting kan leef. Wat jy nie vier nie (celebrate) sal uiteindelik jou lewe verlaat.

Ons soek gedurig dat dinge van buite af ons gelukkig maak.
Die grootste geluk en oorwinnings is reeds in jou.
Lees weer Joh. 7:38 totdat jy dit verstaan!

## Om Jesus te "ken"

**Johannes 1:10** *"Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie."*

Om iemand waarlik te "ken" is dit belangrik om 'n verhouding met daardie persoon te hê. Dit is nie net om aan iemand voorgestel te word nie. Om te sê jy ken iemand is dit nodig om tyd te spandeer met hom of haar. Om Jesus te "ken" sal verg om tyd saam met Hom deur te bring. Dit doen jy deur jou Bybel te lees en met Hom te praat deur gebed.

Wanneer jy aan iemand nie erkenning wil gee nie – is dit net so goed jy wil hom óf haar nie ken nie. Baie mense neem 'n besluit om 'n Christen te word, maar dit is belangrik dat hulle in verhouding met Hom moet leef voordat hulle kan sê dat hulle Hom werklik ken.

Dit is skokkend wanneer ons lees in Mat. 7:22,23 van mense wat selfs goeie dinge in Jesus se Naam gedoen het, en tog sal Hy hulle antwoord met: *"Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!"*

Kom ons besluit om Jesus elke dag beter te leer ken.
Spr. 3:6 sê: *"Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak."*
Die Lewende Bybel vertaal dit: *"…hou Hom in gedagte by elke ding wat jy doen."*

## Wees geseënd om 'n seën te wees

**2 Kor. 9:10,11** *"God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer. Hy maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te kan wees…"*

God wil ons graag seën sodat ons 'n seën kan wees. God skep behae in jou voorspoed. Hy wil hê jy moet voorspoedig wees – nie net finansieel nie, maar op elke gebied van jou lewe. God se wens is dat dit in alles met jou goed gaan volgens 3 Joh. 1:2 omdat Hy werk het vir jou om te doen. Hy weet jy kan nie weggee wat jy nie het nie. Jy kan ook nie vir die verspreiding van die evangelie gee of kos vir die armes gee as jy platsak is nie. Jy kan nie blydskap aan ander oordra as jyself terneergedruk is nie.

Onthou dat dit God is wat saad gee wat jy kan saai. Saad is nie daar om geëet te word nie maar om dit te saai sodat dit kan groei en meer word. Dit is hoe dit in die natuur werk, maar geestelik werk dit ook so. Word dus 'n gewer – en God sal dit geniet om jou met voorspoed te oorlaai! God gee nie graag vir mense wat 'n "toe hand" het nie!

Ons teks verklaar dit só duidelik:
*"Hy maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te kan wees."*
Mag jy geseënd wees om 'n seën te kan wees!

**Is jy ook lief vir God se gebooie?**

**Psalm 119:97** *"Hoe lief het ek U wet; dit is my bepeinsing die hele dag."*

Die Boodskap: *"Ek kan nie vir U sê hoe lief ek vir al U voorskrifte is nie! Ek dink dag en nag daaroor."*

Dit is wonderlik indien ons ook kan sê, saam met Dawid, dat ons God se wet lief het. In die Ou Testament was daar 613 wette – 248 was positiewe wette en 365 negatiewe wette. God het reg in die begin van Israel se tog na hulle beloofde land wette aan hulle gegee. Die bekendste is die tien gebooie.

Wette is reëls en opdragte waarvolgens ons moet lewe of ons daarvan hou of nie hou nie. Dit mag wees dat ons nie altyd hou van 'n landswet nie en dat ons besluit om dit nie na te kom nie. Maar wanneer dit kom by God se wette het ons geen keuse nie, ons moet dit gehoorsaam wees.

In Psalm 119 vind ons verskillende woorde wat dieselfde betekenis het, soos die volgende: wet – gebooie – insettinge – woord – getuienisse – bevele. As jy die Here waarlik lief het sal jy soos Dawid, met vreugde, kan uitroep: *"Hoe lief het ek U wet; dit is my bepeinsing die hele dag."*

Die geestelike lewe is vol wette, gebooie en reëls.
God se bevele moet nie vir ons 'n las wees nie, maar 'n seën.
Gelukkig lees ons in 1 Joh. 5:3 *"…en Sy gebooie is nie swaar nie."*

## Ben-Oni word Benjamin

**Genesis 35:17,18** *"En terwyl sy (Ragel) dit swaar het by die bevalling, sê die vroedvrou vir haar: Wees nie bevrees nie, want dit is ook 'n seun vir u. En toe haar siel uitgaan – want sy het gesterwe – noem sy hom Ben-Oni. Maar sy vader (Jakob) het hom Benjamin genoem."*

Ben-Oni beteken "Seun van pyn en smarte" terwyl Benjamin die "Seun van geluk en voorspoed" beteken. Ragel het gesterf met die geboorte van Ben-Oni en is begrawe by Efrat, wat ons vandag ken as Bethlehem.

Ongeveer 'n 1700 jaar later was Jesus gebore in Bethlehem die plek waar Ragel gesterf het. Treffend dat Jesus ook genoem word as "Die Man van Smarte" maar, dank God, vir ons het Hy geword "Die Seun van Voorspoed."

Noem jouself wat God jou noem. As jy God se kind is dan is jy die geseënde van die Here, gewas met die kosbare bloed van Jesus Christus. Jy is geen bedelaar nie maar erfgenaam van die lewende God. Verwerp alles wat ooit negatief gesê was oor jou lewe, en glo wat jy in Jesus geword het. Bely die volgende waarhede hardop!

Ek mag myself God se kind noem. (Joh. 1:12)
Wat ek in Sy naam en wil vra, sal ek ontvang. (Joh. 15:7)
Ek is deur genade sonder verdienste geregverdig. (Rom. 3:24)
In Christus leef ek onder geen veroordeling nie. (Rom. 8:1)

## Vergeet nooit God se goedheid nie

**Psalm 103:1,2** Die Boodskap: *"Ek wil die Here loof. Met alles in my wil ek die Here se grootheid prys. Ek wil nooit vergeet hoe goed die Here vir my is nie. Ek loof Hom!"*

As daar ooit 'n treffende Psalm deur Dawid geskryf was, dan is dit dié een in Psalm 103. Jy en ek moet ook nooit God se goedheid teenoor ons vergeet nie. Ons moet gedurig stil raak en dink aan wat Hy al vir ons en ons geliefdes gedoen het, en Hom daarvoor loof en dank.

Dawid loof die Here vir vergifnis en gesondheid wanneer hy sê in vers 3: *"Dit is Hy wat my vergewe as ek verkeerde dinge doen. Hy maak my gesond."*
Dawid vergeet ook nie God se voorsiening nie. Hy roep uit in vers 5: *"Die Here oorlaai my met al die goeie dinge in die lewe."* Hy dank die Here vir die krag wat hy van die Here ontvang wanneer Hy ook sê in vers 5: *"Hy gee my arms vol krag. Hy maak my so sterk soos 'n jongmens."*

In verse 9,10 sê Dawid: *"Die Here sal jou nie aanhou straf vir die verkeerde dinge wat jy gedoen het nie. Ook bly Hy nie vir altyd kwaad oor iets nie. Hy straf ons nie volgens dit wat ons regtig verdien nie."*

Die kersie op die koek vind ons in vers 12!
*"So ver as wat die vêrste punte van die heelal van mekaar af is, So ver, en nog verder, vat Hy ons sondes se straf van ons af weg."*